Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2020

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 39 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) |
| AFDELING B: | Drama | (35) |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) |




3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** |  | |
| 8.1 'Vegvlieënier Vivian' | 17 | 33 |
| **EN** | | |
| 8.2 'Veertig sinkplate teen die suidewind' | 18 | 35 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 'Ek het 'n huisie by die see' | 18 | 37 |
| **EN** | | |
| 9.2 'Die boodskapper' | 17 | 38 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste GETAL vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

… Hy was dit aan Oupoot verskuldig om hom die vernedering te spaar om voor Terblans se geweer te kniel.

Hy had nie 'n keuse nie. Dié allerlaaste taak moes hy op homself neem. Hulle het Oupoot reeds gehaat soos hulle hóm haat, en pleit om genade sou nie help nie.

Daarom loop sy voete weer oor die grond wat hy afgesweer het, hoor sy ore weer die loeries, is hy weer eens in die altyd skemer wêreld van die Bos, en daar sal Freek Terblans eers vir hóm moet skiet voordat hy op Oupoot sal kan aanlê.

Daar is vier dae oor na Vrydag toe. Die *Pictor* sal nie voor Maandag vertrek nie.

Saul Barnard, seun van die houtkapper Joram Barnard, is in die Bos ontvang en gebore en grootgemaak. Op die sewende dag van Januarie 1860 is hy kort duskant Krisjan-se-Nek onder 'n wit-els gebore omdat sy ma se tyd haar oorval het op pad Brandrug toe waar haar mense gekap het. Hy was die tweede seun. Jozef was toe reeds twee jaar oud en sy pa moes hom in die fynruigte wegsteek totdat alles verby was.

Sy ma kon lees en skryf. Hulle had 'n Bybel en sy het vir hom en Jozef ook leer lees en skryf. Sy pa kon nie lees nie. Hy het gesê 'n man hoef nie te kan lees en skryf om hout te werk nie.

1.1 Waar was Saul toe Maska vir hom die slegte nuus oor Oupoot gebring het? (1)

1.2 Hoekom wou Jozef vir Oupoot laat skiet? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3) neer.

Jozef en Saul het van kinderdae af verskillend oor dinge gedink. Tog het Jozef by meer as een geleentheid vir Saul ...

A geglo.
B betaal.
C beskerm.
D weggekruip. (1)

1.4 Waarom was dit vir Saul as jongman so moeilik om in sy pa se span hout te kap? (1)

1.5 Noem TWEE voorbeelde van hoe die Bosmense vir Saul, in die tyd toe hy vir MacDonald gewerk het, onregverdig behandel het. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.6 Saul het vroeg die Maandagoggend by Maska in die Bos aangekom.

1.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Maska was (opgewonde/ontsteld) toe hy hoor wat Saul met die geweer wou doen wat hy kom leen het. (1)

1.6.2 "... en daar sal Freek Terblans eers vir hóm moet skiet voordat hy op Oupoot sal kan aanlê." (Reël 7–8)

Wat lei ons uit hierdie reëls af oor Saul se gevoel vir Oupoot? (1)

1.7 Saul en Oupoot het mekaar verstaan.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na:

1.7.1 Die band tussen Saul as mens en Oupoot as dier (1)

1.7.2 Oupoot wat gedurig vir Saul uitgekyk het (1)

1.7.3 Hoe albei oor die Bos gevoel het (1)

1.8 Saul was op pad oorsee omdat hy vir Jozef kwaad was.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.9 Wat bedoel Saul as hy praat van "die **grond** wat hy **afgesweer** het"? (Reël 6) (1)

1.10 Wat was die belangrikste les wat Jozef, uit sy gesprek met Saul aan die einde van die roman, kon leer? (1)

1.11 Die bou van enige roman steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Saul is baie seker dat hy sy eenman-oorlog in die Bos verloor. | A | Saul sien na jare weer vir Ou Sanna. |
| | | B | Saul se terugkeer na die Bos is vir hom lekker. |
| 1.11.2 | Na vier dae in die Bos en op Oupoot se spoor, is Saul honger. | C | Saul moet sy oorspronklike plan, waarom hy terug in die Bos is, verander. |
| 1.11.3 | Oupoot is haastig op pad Meulbos toe. | D | Saul is baie stil in sy vriend se geselskap op die skip. |
| 1.11.4 | Dit is belangrik dat die Bos sy koning moet behou. | E | Saul het nie nodig om 'n derde sirkel te voltooi in sy soektog na Oupoot nie. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Hy hoor die skoot toe hy aan die bopunt van Streepbos deur die seweweeksvarings sukkel, en dit voel of die skoot sy eie lyf tref. Amper onmiddellik ná die knal dreun dit deur die Bos van die uittrompetter van 'n olifant se pyn. Harder en harder en harder, totdat die bloed in Saul wil verys en die tweede skoot godsgenadiglik die verskriklike angsbasuin tot stilte ruk, en die bosvloer onder die neerslaan van tonne sidder.

Here?

En die wêreld begin stadig om hom tol en tol en tol.

Here?

Eers toe die gevoel van eie dood deur hom gaan, ruk die tollende ruigtes tot stilstand en stoot bitter klonte askoek in sy keel op.

"God, hulle het Oupoot geskiet!"

Nie 'n voël se roep nie – nie woede nie – nie 'n tak se kraak nie – niks. Asof die Bos in bo-aardse stilte sy skok uitgalm en in verborgenheid sy rou oor sy koning bekla.

Ná 'n ruk begin 'n enkele loerie kok-kok-kok soos een wat tydsaam huil.

Saul kruip van sy braaksel weg en gaan lê met sy gesig teen die koel aarde soos teen 'n hoeder, totdat sy liggaam verby grense vlug en die droë snikke deur hom breek.

"Baas Saul!" Maska se stem kom uit 'n tonnel. "Baas Saul!" Diep uit die tonnel.

1.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was (Joram/Maska) wat moes probeer keer dat Oupoot geskiet word. (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oupoot is by (Meulbos/Groot-Eiland) geskiet. (1)

1.14 Wie het uiteindelik vir Oupoot geskiet? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

Saul het naar geword en byna flou geval toe Oupoot geskiet is. Dit dui daarop dat Saul ...

A tevrede was dat Oupoot toe sou kon rus.
B verskriklik ontsteld was oor Oupoot se dood.
C baie honger was na sy lang soektog na Oupoot.
D bly was dat Oupoot vinnig gesterf het en nie gely het nie. (1)

1.16 Daar was uiterlike konflik tussen Saul en Maska onmiddellik na Oupoot geskiet is. Waaroor het hulle twee verskil? Verwys na elke karakter se standpunt. (2)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.17 Verduidelik waarom ons kan sê dat Saul reg was in sy besluit dat geen deel van Oupoot die Bos moes verlaat nie. (2)

1.18 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) neer.

Toe Saul (1.18.1) ... jaar oud was, het hy 'n bloubokkie gevang vir vleiskos. Hy het onthou dat die grootmense gesê het dat hierdie bokkie se (1.18.2) ... in sy kop sit. Saul het die kop oopgekap en gesien dat die grootmense vir hom (1.18.3) ... het. Hier het Saul se soeke na die (1.18.4) ... begin. (4)

1.19 Saul het Oupoot vir vyf dae agtervolg. Sy doel was om vir Oupoot te skiet.

Verduidelik wat Saul van plan laat verander het. Gee TWEE feite in jou verduideliking. (2)

1.20 Ons ken vir Saul as iemand wat:

- Nie bang was om te baklei nie
- Nie sommer enigiets geglo het nie
- Omgegee het vir sy familie

1.20.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom aan die einde van die roman in Saul se aanbod aan Jozef na vore? (1)

1.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.20.1. Konsentreer net op Saul en Jozef se gesprek in die slot van die roman. (1)

1.21 Waarom, dink jy, was dit belangrik dat Saul aan die einde van die roman moes terugkeer Bos toe? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

… Soms dink ek dis die enigste ding aan my wat nie bloot gemiddeld is nie. Wat die res betref – voorkoms, lengte en gewig, atletiese vermoë (of onvermoë), punte in die klas, gewildheid onder skoolmaats – dis alles so-so. *Comme ci, comme ça.* Soos my pa sê as hy wil maak of hy kan Frans praat.

Ek's nie juis mooi nie, maar ek's darem ook nie so onooglik dat jy my vir Aspoestertjie se stiefsuster sou aansien nie. Ek's beslis nie die middelpunt van aandag op partytjies nie, maar ek word darem nog genooi na partytjies. Selfs my puisies is gemiddeld. Ek het nie 'n akneeprobleem soos die arme ou in my klas wat die bynaam Krater gekry het nie. Maar ek het ook nie 'n vlekkelose vel soos my vriendin Sharon nie.
Dis net my verbeelding wat my onderskei. En dit steek ek meestal maar weg van my maats. Op laerskool het ek dit gebruik om maats te wen, om die lekkerste speletjies uit te dink en die grillerigste stories op te maak, maar nou's ek op 'n ouderdom waar verbeelding nie so belangrik is soos die regte haarstyl of 'n paar ingevoerde stewels nie.
Die ander ding wat my onderskei, natuurlik, is my ingewikkelde gesinslewe. En dit steek ek meestal ook maar weg. Die kinders wat wel daarvan weet, soos Sharon, dink dit moet fantasties wees om so 'n buitengewone gesin te hê.

2.1 Wat is die naam van die alter ego wat Hanna vir haarself geskep het? (1)

2.2 Waarom het Hanna vir haarself 'n alter ego geskep? (1)

2.3 Hanna se gesin was anders as ander gesinne.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na:

2.3.1 Hoe Hanna se ma anders as ander ma's oor trou/kinders grootmaak gedink het (1)

2.3.2 Waarom Tibo se geboorte anders as Hanna s'n was (1)

2.3.3 Hoe Hanna se biologiese pa op sy troudag aangetrek was (1)

2.4 Wat bedoel Hanna as sy sê: "Dis net my verbeelding wat my onderskei"? (Reël 11) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.5 Hanna het dikwels haar verbeelding in haar skryfwerk gebruik.

2.5.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

In een van Hanna se fantasieverhale het sy vir haar 'n pa geskep wat 'n (tandarts/mode-ontwerper) was. (1)

2.5.2 Gee 'n rede waarom Hanna juis hierdie karakter (VRAAG 2.5.1) gekies het. (1)

2.6 Daar was niemand in Hanna se gesin wat haar skryftalent raakgesien het nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.7 Die bou van enige roman steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Mana sien dat die gesin mekaar nie verstaan nie. | A | Die gesin word aan die einde van die verhaal gered. |
| 2.7.2 | Sharon kom Botterberg toe. | B | Die gesin word by fisiese oefening betrek. |
| 2.7.3 | Margot kom op Botterberg aan. | C | Die wittebrood op Botterberg word gereël. |
| 2.7.4 | Gavin kom op Botterberg aan. | D | 'n Vrolike atmosfeer word by die vakansie geskep. |
| | | E | Die pad na Botterberg is moeilik. |

(4 x 1) (4)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.8) neer.

Tibo en Amos het Hanna kwaad gemaak, want hulle het ...

A haar sjokolade geëet.
B in haar goed gekrap.
C haar al die skottelgoed laat was.
D gelag terwyl sy haar gedig voorgedra het. (1)

2.9 Gee TWEE redes waarom die opinie wat Hanna aan die begin van die roman oor Margot gehad het, onregverdig was. (2)

2.10 Watter rol het die reënstorm in die verhaal gespeel? (1)

2.11 Waarom was Hanna nie so opgewonde oor haar verjaarsdag op Botterberg nie? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

"Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in 'n hospitaal gebore gaan word nie," sê my ma met 'n dapper glimlag.

"Maar waar … wat gaan ons … wat gaan gebeur?" stotter Tibo, amper so bleek soos Beyers.

"Dis te vroeg!" kerm Beyers.

"Hanna was 'n gesonde baba, Bey, al het sy vroeg opgedaag. Ek weet nie, miskien het ek my misgis met die datum. Jy weet hoe sleg is ek met datums …"

Beyers staar na haar met verwilderde oë. "Ek sal help, Mana" sê Margot en staan op om my ma se skouers te kom masseer. "Ek was 'n verpleegster."

"Jy was wát?"

As die koningin moes aankondig dat sy eintlik op Uranus gebore is, sou my ma nie meer verstom gelyk het nie. "Ek het vier jaar verpleeg voor ek agtergekom het ek het 'n fout gemaak. Ek het 'n operasieteater met die ander soort teater verwar." Sy trek haar skouers ongeërg op. "Ek was maar altyd 'n dumb blond, nè?"

"Jy was nog nooit dom nie, Margot," sê Beyers met 'n gesig wat straal van verligting. "En jy was ook nooit rêrig blond nie, nè? Ek het heeltemal vergeet van jou verpleegopleiding!"

"O, ek neem jou nie kwalik nie, Beytjie. Dit was voor jou tyd. Kom ons hoop ek het nie alles vergeet nie."

"Het jy al gehelp om 'n baba te vang?" vra Mana en krimp ineen toe die volgende kraampyn haar tref.

2.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Mana kon nie betyds by die hospitaal uitkom vir Ditjie se geboorte nie omdat (dit Hanna se verjaarsdag was/die rivier afgekom het). (1)

2.13 Waarom was dit goed vir Hanna dat sy met Gavin oor haar geboorte gepraat het? (1)

2.14 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Om met Ditjie se geboorte te help, moes Margot haar (grimering afwas/naels knip). (1)

2.15 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (2.15.1 tot 2.15.4) neer.

Na die baba se geboorte moes 'n paar belangrike besluite geneem word. Die baba moes 'n naam kry wat iets met (2.15.1) … te doen gehad het. Toe Sharon se ouers saam met Luke in die (2.15.2) … opgedaag het, moes hulle besluit wie gaan op Botterberg bly en wie gaan die berg verlaat. Margot sou saamgaan, want sy moes betyds in (2.15.3) … wees. Toe het (2.15.4) … aangebied om die kinders op te pas. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.16 Verduidelik watter innerlike konflik daar by Mana tydens die baba se geboorte was. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)

2.17 Ons ken vir Margot as iemand wat:

- Graag komplimente uitdeel
- Leiding neem as daar 'n krisis is
- Moeite doen om gesond te lewe

2.17.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom tydens Ditjie se geboorte die beste na vore? (1)

2.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.17.1. (1)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.18) neer.

Uit Hanna en Margot se afskeidsgroet kan 'n mens aflei dat Margot vir Hanna gemotiveer het om …

A 'n roman te skryf.
B gereeld te oefen.
C haarself mooi te grimeer.
D mooi na haar sussie te kyk. (1)

2.19 Hoe verskil Gavin se geskenk vir Hanna se vyftiende verjaarsdag van al sy vorige geskenke aan haar? (2)

2.20 Gavin het 'n belangrike rol in Hanna se lewe gespeel, maar Margot sou Gavin ook lank onthou.

Watter les het Margot by Gavin geleer? (1)

2.21 Hanna het besluit om 'n roman te skryf met die titel: *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom: 'n Ware Verhaal*.

Verduidelik waarom dit 'n gepaste titel sou wees. Gee TWEE feite. (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Hansie raak al hoe meer verleë en probeer red wat te redde is: "Duiker, ek sal kyk wat ek kan saamstuur. Sê vir Twilight ek het nog vier baadjietjies klaar. Ek stuur dit môre saam. Pienketjies. Mens moet darem iets pienks hê. Nou goed dan, Duiker, hoor. Oor en uit!"

Hansie sit die mikrofoon neer voordat die stem nog iets kan kwytraak. Sy kyk skaam na Ryna, duidelik ontsteld oor Jacob se tirade. "Ag, juffrou," probeer sy verduidelik, "dis nou seker maar 'n misverstand. Jy weet, dinge op Meeuland is maar moeilik. Jacob se assistent, wat met die onderhoud van die geboue gehelp het, is al maande lank weg. En sy ou vroutjie is in die ander tyd. Hul eerstetjie. Maar hy sal wel weer bedaar. Heidenland, juffrou. Jy weet mos die mans kan so maklik moeilik raak oor niks."

Ryna kry haar jammer. "Ant Hansie," sê sy sag, "my naam is Ryna."

En sy kyk in Hansie se begrypende bruin oë. Dis oë wat al seergekry het, weet sy. Dis oë wat al die wêreld se swaar kant gesien het.

Maar Die Stem het haar tog ontstel.

*Ek het nêrens anders om heen te gaan nie. My verlede is weg. En ek is nie welkom in die nuwe lewe waarheen ek op pad is nie.*

3.1 Vir wie het Ryna heel eerste vertel wat in haar verlede gebeur het? (1)

3.2 Ryna kon nie teruggaan na waar sy vandaan gekom het nie.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na:

3.2.1 Wat met haar huis gebeur het (1)

3.2.2 Wat van haar man en seun geword het (1)

3.2.3 Wat die moontlike rede vir al die bogenoemde gebeure was, volgens die polisie (1)

3.3 Ryna het swaar gekry in Kaapstad.

3.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ryna is in Kaapstad in die Silkwood-kliniek opgeneem omdat die gebeure in haar lewe haar baie (ontstel het/aggressief gemaak het). (1)

3.3.2 Waaruit kan ons aflei dat prof. Van Keulen in hierdie tyd vir Ryna omgegee het? (1)

3.4 Waarom het Ryna haar aansoekvorms om Meeuland toe te gaan, onder haar tweede naam en nooiensvan ingevul? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.5 Wat word bedoel met die woorde: "Jacob se tirade"? (Reël 6) (1)

3.6 Jacob was vriendelik teenoor Ryna toe hy haar vir die eerste keer op die Sterretjie ontmoet het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.7 Die bou van enige roman steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.7.1 tot 3.7.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.7.1 | Skalla verkrag Marietjie. | A | Elsabet gaan soek aanvaarding op Meeuland. |
| 3.7.2 | Miena sterf. | B | Fred hou mosselvlotte by Meeuland. |
| 3.7.3 | Ryna doen vir drie jaar navorsing oor kusvoëls. | C | Jannerik gaan treur op Meeuland. |
| 3.7.4 | Jackie Stevens se skelm verhouding met Fred kom uit. | D | Attie besluit om op Meeuland te gaan werk. |
| | | E | Jacob vlug met sy hartseer Meeuland toe. |

(4 x 1) (4)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.8) neer.

Ryna het verkies om self haar blyplek op Meeuland reg te kry omdat ...

A sy kreatief was en graag die plek wou versier.
B sy skaam was oor die min goed wat sy gebring het.
C dit iets sou wees waarmee sy haar kon besig hou.
D die Langhanse haar nie hartlik op Meeuland verwelkom het nie. (1)

3.9 Verduidelik waarom ons kan sê dat Jannerik die regte besluit geneem het toe hy vir klein Janka Meeuland toe geneem het. Gee TWEE feite. (2)

3.10 Hoekom, dink jy, het Elsabet vir Fred bo Jacob gekies? (1)

3.11 Waarom voel 'n mens hartseer om te lees dat Ryna, na haar drie jaar op Meeuland, wou teruggaan Kaap toe? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

"Dit was," sê Doreen sag. "Verstaan jy as ek sê dat ek dit ook vir Jason wil doen? Sodat ek oor 'n jaar of drie in sy oë kan kyk en kan sê: Dis wat ek met hierdie pyn gemaak het?"

"Ek verstaan dit," sê Ryna.

*Dis soos om 'n boom te plant.*

Stellenbosch lê gul en groen onder sy eikedrag. Meneer Naudé van Quattro het vir Ryna padaanwysings gestuur van die lokaal waar die onthaal gehou gaan word en hulle vind die ou Kaap-Hollandse herehuis met sy houtluike, groot ingangshekke en groen grasperke sonder moeite. Daar staan heelwat motors rond, maar professor Alzoon van Keulen se grysblou Lelike Eendjie val haar dadelik op.

Hulle het skaars uitgeklim of die prof kom aangestap met sy kenmerkende flink stappie. In een oomblik som sy die bekende figuur op: hy het nie veel verander nie; die hare is steeds ylgrys en die brilletjie hang skeef oor die neus; sy pak klere lyk verkreukeld en hy dra sy ou leertas onder sy arm. Hy omhels haar sonder woorde en hou haar dan op 'n afstand en kyk haar lank aan: "Jy lyk heel anders, my liewe Camilla. Jy lyk heel mooier as wat ek kan onthou." Dan kyk hy na Doreen en voordat Ryna hulle bekend kan stel, sê hy met 'n uitgestrekte hand: "Laat my raai …"

3.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Op Meeuland het (Attie/Jannerik) saam met Ryna 'n wildevyeboom geplant. (1)

3.13 Vir watter geleentheid is Ryna terug Stellenbosch toe? (1)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jacob het aan die begin gedink dat prof. Van Keulen Ryna se (pa/kêrel) was. (1)

3.15 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (3.15.1 tot 3.15.4) neer.

Hier op Stellenbosch het Ryna besef dat sy vir (3.15.1) ... lief was. Sy het besluit om te gaan (3.15.2) … op Salamanderbaai. Dis waarom sy met Jason Peters gaan praat het. As afskeidsgeskenk het sy vir Janka 'n (3.15.3) … gemaak. Net soos sy gekom het, was dit die (3.15.4) ... wat haar van die Sterretjie af vir oulaas wal toe geneem het. (4 x 1) (4)

3.16 Verduidelik die innerlike konflik wat Ryna beleef het toe sy vir Jacob op die Sterretjie moes groet. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.17 Ons ken vir Ryna as iemand wat:

- Simpatie met ander het
- Baie kreatief is
- Oor kon begin

3.17.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in Ryna se gesprek met Doreen (in die uittreksel) die beste na vore? (1)

3.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.17.1. Verwys net na Ryna en Doreen se gesprek. (1)

3.18 Gee TWEE redes waarom 'n mens kan sê dat die Kerstyd op Meeuland, waarna Ryna só uitgesien het, eintlik 'n baie hartseer tyd was. (2)

3.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.19) neer.

Teen die einde van die roman was dit vir Ryna asof haar twee wêrelde bymekaar gekom het. Dit was omdat Salamanderbaai se mense …

A kon sien hoe die Kaap lyk.
B die Silkwood-kliniek gesien het.
C die Instituut kon sien waar sy eers was.
D toe haar hele lewensgeskiedenis geken het. (1)

3.20 Ryna het aan die begin van die roman haar opinie oor die geheim van Elsabet se baba gehad, maar daardie opinie het ná Janka se ongeluk verander.

Sê wat Ryna se opinie eers was EN dan hoe dit verander het. (2)

3.21 Watter les leer jy oor liefde uit die slot van die roman? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

… Wouter het vir haar gesit en kyk. Sy wou haar eers pluk, maar toe herken sy die uitdrukking in sy oë. Hy wou ook nie hier wees nie. Hulle het 'n rukkie vir mekaar gesit en kyk. En dit was die begin van hulle paadjie saam.

Hulle het mekaar 'n paar dae later by die tandarts in die sentrum raakgeloop. Haar afspraak was net ná syne. Hy het gewag totdat sy klaar was en haar vir koffie by die Wimpy genooi. Sy kan nou nog nie onthou waarom sy ja gesê het nie. Sy was nie van plan om met enigiemand in hierdie skool *buddy-buddy* te speel nie. Maar hy het haar laat lag, iets wat sy destyds maar min gedoen het.

Hy het met sy mond nog dood van die tandarts se inspuiting sy koffie geslurp en vertel van sy pa in Bloemfontein en van die egskeiding en sy ma wat nie ver genoeg van sy pa kon wegkom nie en van Pretoria wat die Nuwe Begin sou word.

Lien het tot haar verbasing die Joostes se sakke patats ook een vir een op die tafel tussen die tamatiesousbottel en die mosterdhouer vir hom uitgepak. Dit was maklik om met Wouter te praat. Soos nou nog.

Van toe af was sy en Wouter boesempelle. En dit was lekker om 'n ou vir 'n pel te hê.

4.1 Wat was Lien en Wouter se nuwe skool in Pretoria se naam? (1)

4.2 Wouter kon ook nie by die nuwe skool inskakel nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3) neer.

Die Lewensoriënteringstaak oor hulle moontlike loopbane het Lien ongemaklik laat voel omdat sy nie ...

A wou erken dat haar ou lewe verby was nie.
B van Miemie se takies wat sy uitgedeel het, gehou het nie.
C aan haar pa en sy drome vir haar, herinner wou word nie.
D haar plan om drama te studeer met almal wou bespreek nie. (1)

4.4 "En dit was die begin van hulle paadjie saam." (Reël 3)

Wat word bedoel met "hulle paadjie"? (1)

4.5 Waarom was Lien soms onnodig kwaad vir Wouter? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.6 Wouter het vir Lien van sy gesin se Nuwe Begin vertel.

4.6.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Uit die roman is dit duidelik dat Wouter se *Nuwe Begin* vir hom (makliker/moeiliker) was as wat Lien s'n vir haar was. (1)

4.6.2 Wat lei ons af uit die feit dat Lien op 'n dag na hul ou buurt teruggegaan het? (1)

4.7 Lien se huislike omstandighede was genoeg om haar depressief te maak.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na:

4.7.1 Die gesin se finansiële sake (1)

4.7.2 Die atmosfeer tuis (1)

4.7.3 Haar ouers (1)

4.8 Die bou van enige roman steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.8.1 tot 4.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.8.1 | Lien skep die indruk dat sy alles halfhartig doen. | A | Lien laat glip die geleentheid om ondersteun te word, deur haar vingers. |
| 4.8.2 | Lien probeer teen onregverdigheid opstaan. | B | Lien besluit om tog maar vir die oudisie vir 'n rol in die skoolkonsert te gaan. |
| 4.8.3 | Lien vertrou nie maklik mense nie, bv. die jong predikantjie by hul eerste ontmoeting. | C | Lien verloor haar werk by die koffiewinkel. |
| 4.8.4 | Lien sal enigiets doen om Wouter se vriendskap te behou. | D | Lien hoor dat sy nie haar potensiaal moet verwaarloos nie. |
| | | E | Lien skuif haar drome om oorsee te gaan, eenkant toe. |

(4 x 1) (4)

4.9 Verduidelik waarom dit vir Lien goed sou wees om Miemie as vriendin beter te leer ken. Gee TWEE feite. (2)

4.10 Hoe voel jy oor die feit dat Lien en Wouter toe nie aan die einde van die roman 'n paartjie was nie? Jy moet jou gevoel motiveer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.11 Lien se houding teenoor haar nuwe skool was verkeerd.

Wat kon Lien uit haar fout leer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg**.**

**TEKS H**

Sy sit eers 'n rukkie doodstil met haar oë op die klawers, vroetel dan onseker oor die note.

Toe begin sy speel. Sy sukkel aanvanklik, dan begin sy met meer selfvertroue speel. Toe vat sy die klavier vas en sy spéél. Haar neusvleuels sper en haar linkerhand ruk kort-kort na bo. In 'n ander wêreld, soos Lien dit onthou. Dan herken Lien die musiek. Schubert se "Impromptu" in G-kruis mineur. Dis vir háár. Sy weet dis vir haar. Ná al die jare hoor sy dit weer.

Sy huil en sy het nie eers 'n *tissue* by haar nie. Sy kan haar oë nie van haar ma afhou nie. Sy vee haar gesig aan die dik, wynrooi gordyn af.

Toe die musiek ophou, klap die mense dat die saal dreun. Haar ma sit nog 'n rukkie stil en staan dan stadig op. Sy lyk verleë, maar sy lyk skielik weer soos die ma wat Lien onthou, haar regte ma. Dalk is sy dié slag regtig terug.

Lien glip by die agterdeur uit en staan 'n rukkie in die skaduwees langs die saal. Die lug is vars en sy trek dit diep in haar longe in. Lukas het vandag gras gesny. Sy hoor krieke in die blombedding langs die saal. Sy kyk na die halfmaan wat agter 'n wolk uitloer en die enkele sterre wat dof in die stadslig blink. Sy voel rustig, baie rustig.

4.12 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die konsert en die onthaal agterna speel (in die kliniek se kapel/by Lien se nuwe skool) af. (1)

4.13 Wie se inisiatief het hierdie kultuuraand moontlik gemaak? (1)

4.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In hierdie konsert het Lien die rol van die (vrou wat die skool skoonmaak/ die meisie wat min praat) vertolk. (1)

4.15 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (4.15.1 tot 4.15.4) neer.

Met die oudisie vir hierdie konsert het die verhoog en die gordyne se (4.15.1) … heel eerste Lien se aandag getrek. Op die verhoog het Lien (4.15.2) … in haar hart ervaar. Dis ook deur haar deelname aan die konsert dat sy vir (4.15.3) … beter leer ken het. Hy het haar later gehelp om vir (4.15.4) … 'n karretjie te bou. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.16 Hoe verskil Christien Jooste se voorkoms (kleredrag/hare) by die konsert van haar voorkoms by die huis? Verwys in jou antwoord na die huis en die konsert. (2)

4.17 Lien het geweet dat haar ma innerlike konflik beleef het toe tannie Bets haar gevra het om vir hulle klavier te speel.

Verduidelik hierdie innerlike konflik. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)

4.18 Ons ken vir Lien as iemand wat:

- Onselfsugtig is
- Verantwoordelik is
- Sensitief is

4.18.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in hierdie uittreksel die beste na vore? (1)

4.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.18.1. Verwys net na hierdie uittreksel. (1)

4.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.19) neer.

Aan die einde van die konsert het Lien rustig, baie rustig gevoel. (Reël 17) Hierdie gevoel vorm 'n **kontras** met haar gevoel aan die begin van die roman. Toe was sy ... .

A bekommerd.
B ontspanne.
C hoogmoedig.
D dankbaar. (1)

4.20 Kyk na die volgende liedjie van Nora Jones waarna Lien geluister het:

*In a boat that's built of sticks and hay*
*We drifted from the shore*
*With **a captain** who's too proud to say*
*That **he dropped the oar**.*

Verduidelik, met feite uit die roman, hoe Lien die roeispaan ('oar') opgetel het waar haar ma ('a captain') dit laat val het. (2)

4.21 Waarom is die slot van die verhaal effektief? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

POPPIE. Toe hulle nou later by my huis ook uitkom, toe sien ons nou wat hulle gebedoel het dat die mense nie op straat moet wees nie, dat hulle die mense uit die huise kan uitslaat. As die een by daai deur klop … (*'n Polisieman klop hard teen een van die blikke links. Die ander spelers bondel verward bymekaar.*) … dan klop die ander by die ander deur. (*Speler wat Mosie vertolk, haal pet af, word polisieman, hy klop aan blik regs.*) … Hulle klop jou deurmekaar, wit en swart poeliesse deurmekaar! (*Die twee polisiemanne beweeg in na groep, stamp hulle van mekaar af weg, Plank sluip vinnig na agter, gaan kruip weg.*) … Dan slaat hulle met die kieries en wegkom kan jy nie.

WIT POLISIEMAN. Die man is siek, los hom.

*Die twee polisiemanne soek verder na verstekelinge.*

MAMA. Bhuti Plank het geskrik toe hy sien hoe die manne in die van gelaai word, en voor hulle by my huis gekom het, het hy gaan wegkruip in die hoenderhok. Hy het op die grond gelê en sinkplate en sakke oor hom getrek, maar die poeliesse het sy voete sien uitsteek en hom daar gekry.

*Polisie reageer as hulle hom kry. Hulle pak hom beet, gooi hom dan weer neer.*

STONE. Hy het nie baklei nie, net met sy dooie gewig hom teengesit.

5.1 Wie het vir Stone aangemoedig om na die vergadering te gaan waar die staking ('strike') bespreek is? (1)

5.2 Waarom het Poppie uit Lambertsbaai na Nyanga toe getrek? (1)

5.3 Wat sou met Poppie gebeur het as sy in Lambertsbaai aangebly het? (1)

5.4 Verduidelik waarom die inwoners van Nyanga geglo het dat dit op daardie stadium reg was om te staak. Gee TWEE feite. (2)

5.5 Poppie het, vandat sy 'n kind was totdat sy 'n volwasse vrou was, 'n moeilike lewe gehad.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na:

5.5.1 Wat Poppie se ma van haar as jong dogter verwag het (1)

5.5.2 Wat Jakkie gedoen het wat vir Poppie moeilik was (1)

5.5.3 Watter gevolg Jakkie se dade op Poppie se gesinslewe gehad het (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) neer.

Dink aan Poppie toe sy haar nie gesteur het aan die polisie wat haar gewaarsku het om van die strate af te bly nie. Hierdeur het sy gewys dat sy … was.

A fluks
B bang
C hardkoppig
D gehoorsaam (1)

5.7 "Die man is siek, los hom." (Reël 10)

5.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die man na wie die polisie verwys, is (Plank/Stone). (1)

5.7.2 Wat kan jy uit dié polisieman se woorde aflei oor sy houding teenoor die siek man? (1)

5.8 Die kinders het tydens albei opstande (1960 en 1976) vir die grootmense gelag.

Neem vir Plank as voorbeeld. Sê hoe die rede vir die kinders se gelag in 1960 verskil het van die rede vir hul gelag in 1976. (2)

5.9 Die grootmense was by die opstand van 1976 betrokke.

Sê hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

5.10 Die bou van enige drama steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.10.1 tot 5.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.10.1 | Poppie-hulle moet as kinders 'n skool en 'n kerk hê. | A | Die gesin kan 'n erf kry om 'n huis daarop te bou. |
| 5.10.2 | Masjien gaan teken vir die oorlog aan. | B | Ouma Hannie verhuis Upington toe. |
| 5.10.3 | Stone gaan werk by 'n melkery in Philippi. | C | 'n Kind sterf as gevolg van die opstande. |
| 5.10.4 | Vukile gaan by Poppie bly. | D | Die kinders moet by die ouma gaan bly. |
| | | E | Die gesin moet Mdantsane toe verhuis. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MAMA. Ek laat nie myne op straat nie. Al wat kind is, was dronk gister. Hulle het die biersale afgebrand, dit was gebreekte bottels en kannetjies wyn en brandewyn wat sommerso op die strate uitloop. En toe kom die poeliesse en die skietery. Maar eers het al wat kind is geloop met die bottel brandewyn of die bottel gin voor die mond asof dit cool drink is.
POPPIE. Maar die kinders wat geskiet is, Mama?
MAMA. Ons kan nie tel nie. Mosie het gehelp met die pellets uithaal uit die kinders se arms waar hulle geskiet is. Party mense sê vyf is dood, party mense sê tien. Hoe kan ons tel? Maar ek self ken nie die kinders wat dood is se mense nie.

*Albei plaas gehoorbuise terug op mik.*

MOSIE. Woensdag was dit die riots, en Donderdag en Vrydag was dit stiller, en Saterdag het Poppie haar off gevat en huis toe gegaan.
POPPIE. Wat gaan aan, Mama? Wat wil die kinders hê as hulle so breek maak?
MAMA. Jou swaar is nie die swaarste nie, Poppie, dat jou kinders weg is van jou. Maar ons weet nie waar ons kinders is nie. Hulle praat nie met ons nie. Hulle sê nie waar hulle gaan of wat hulle gaan doen nie. Ons is moeg, ons wag heeldag vir die kinders, as hulle vir die dag uitgaan, …

5.11 Hoe het die kinders hulle ontevredenheid by die skole gewys? (1)

5.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met hierdie opstand waarna Mama in reël 1–5 verwys, het die kinders hulle ondersteuning vir die kinders in (Lambertsbaai/Soweto) gewys. (1)

5.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Poppie het daarop aangedring dat Bonsile ná Stone se dood moes teruggaan skool toe, want Poppie was bang dat hy ook (sou gaan werk en sterf/by die opstande betrokke sou raak). (1)

5.14 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (5.14.1 tot 5.14.4) neer.

In hierdie opstande was dit vir Poppie se broers moeilik om nie betrokke te raak nie. In die 1976-opstande is Jakkie die (5.14.1) ... van die kinders. Jakkie het gevoel hy gooi nie die klippe teen die nylons of die polisie nie, maar teen die regering en die (5.14.2) … wat dit vir mense so moeilik gemaak het om vrylik rond te beweeg en te werk waar hulle wou. Volgens Mosie het hierdie opstande nie net gegaan oor die onderrig in (5.14.3) … nie, maar oor al die swaar van die ouers. Mama was ontevrede met die kinders se optrede en sy het gevoel dit is arrogant van die kinders om hulself (5.14.4) … te noem. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.15 Verduidelik die innerlike konflik wat Poppie ervaar het toe Mama vir haar sê: "Jou swaar is nie die swaarste nie" (reël 16) as dit by jou kinders kom. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)

5.16 Verduidelik waarom 'n mens kan sê dat Poppie rustig geraak het aan die einde van die drama. Gee TWEE feite. (2)

5.17 Ons ken vir Poppie as iemand wat:

- By tradisies hou
- Lief vir vrede is
- Godsdienstig is




5.17.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in hierdie uittreksel die beste na vore? (1)

5.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.17.1. Verwys net na hierdie uittreksel. (1)

5.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.18) neer..

In hierdie drama verteenwoordig Poppie die vrou wat …

A haar kinders moes motiveer om vir hulle regte op te staan.
B in die afwesigheid van 'n pa-figuur alle besluite moes neem.
C tevrede met die paswette was.
D nie haar kinders gedissiplineer het nie. (1)

5.19 Waarom voel 'n mens kwaad vir Jakkie as jy van hom en die polisieman hoor? (1)

5.20 Watter les probeer Mama haar kinders in hierdie drama leer? (1)

5.21 Wat was die doel van Vukile se dood in hierdie drama? Dink in jou antwoord aan Poppie se karakter in die drama. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

> 4. Katrien, klaar aangetrek, sit 'n skinkbord met vier koffiebekers op 'n tafeltjie langs Hendrik se bed neer. Sy maak hom wakker en sit koffie langs hom neer. Hendrik sit regop. Sy sit die ander beker langs klein Willem se bed neer. Sy vat die orige twee bekers en gaan na 'n ander kamer oorkant die gang. 'n Hees hoenderhaan kraai kort-kort buite.
>
> 5. Katrien gaan sit op die bed in Emma se kamer en sit Emma se koffie op die bedkassie neer.
>
> Emma lê met haar rug na Katrien toe en dit lyk of sy slaap. Katrien maak haar nie wakker nie. Sy sit haar koffie en drink terwyl sy by die venster uitkyk.
> Die haan kraai weer. Dis elke keer of sy stem wil-wil breek.
>
> EMMA: Ek gaan nog een môre opstaan en daardie haan met 'n stok doodslaan.
>
> Katrien drink haar koffie.
> Dan sit Emma regop en vat haar koffie sonder om te kyk waar dit staan: dis 'n ritueel wat al jare lank dieselfde bly.
> Albei sit en drink.
> Emma is jonk en mooi en maagdelik onskuldig.
>
> KATRIEN: Vandag braai ons weer uit.
>
> 6. Hendrik en die twee kinders sit by die kombuistafel brood en konfyt en eet. Hendrik in sy spoorweguniform. Katrien staan en vadoeke uitspoel. Die twee kinders lyk nog nie heeltemal wakker nie. Hendrik sit vir klein Willem en kyk, …

6.1 In watter streek/deel van Suid-Afrika is die stasie waar die McDonald-gesin gebly het? (1)

6.2 Waarom het Hendrik gedink dat dit beter vir sy gesin was om op hierdie klein stasietjie te gaan bly? (1)

6.3 Die gesin het aan die begin van die drama 'n swak verhouding gehad.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na:

6.3.1 Wat die oorsaak van die swak verhouding was (1)

6.3.2 Watter invloed die swak verhouding op Emma gehad het (1)

6.3.3 Watter invloed die swak verhouding op Willem gehad het (1)

6.4 Waarom het Katrien haar koffie in Emma se kamer gaan drink? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.5 6.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Aan die begin van die drama slaap Willem (elke aand/net wanneer hy bang was) in Katrien se bed. (1)

6.5.2 Wat lei ons af oor Katrien se houding teenoor Willem omdat hy in haar bed geslaap het? (1)

6.6 Katrien het gereeld deur die venster na die treine gekyk wat verbyry. Verduidelik die innerlike konflik wat Katrien ervaar het wanneer sy na die treine gekyk het. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

Katrien het elke keer wat Frans by hulle huis stilgehou het, vinnig haar voorskoot afgehaal en haar hare netjies gemaak, want sy wou ...

A Hendrik jaloers maak.
B skinderstories laat ophou.
C wys Hendrik kyk mooi na haar.
D altyd op haar beste vir hom gelyk het. (1)

6.8 Katrien sou maklik vir Hendrik los vir 'n verhouding met Frans.

Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.9 Die bou van enige drama steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.9.1 tot 6.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Katrien is in haarself gekeer. | A | Sy baklei met die dominee. |
| 6.9.2 | Katrien spaar geld. | B | Sy sê vir Hendrik om Willem uit te los. |
| 6.9.3 | Katrien sê lelike dinge vir Hendrik. | C | Sy praat min./Sy speel nie meer klavier nie. |
| 6.9.4 | Katrien laat niemand toe om sleg van haar gesin te praat nie. | D | Sy koop vir haarself oorbelle. |
| | | E | Sy ontstel haar kind. |

(4 x 1) (4)

6.10 Deur die loop van die drama het die McDonalds se lewe verander. Wie het daardie verandering begin? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

HENDRIK: Demmit maar jy's mooi!
KATRIEN (*uit die veld geslaan)*: Dankie!
HENDRIK: With what shall I compare thee, my dear beloved, but with the morning dew – onthou jy nog, Katrina?
KATRIEN: Ag, Hendrik, jy's stuitig!
HENDRIK: But with the morning dew ... (*Hy probeer die res onthou.*)
KATRIEN: ... on dark petals of the rose.
HENDRIK: Onthou jy? (*Emma lag agter haar hand.*) Dis lank gelede. (*Hy praat met 'n glimlag op sy gesig.)* Maar dis ook nie so lank gelede nie. Thy lips sweet tulips of twilight –
KATRIEN: Nee, wag, dis skoon 'n ander gedig.

Emma giggel nou onbedaarlik.

HENDRIK (*tot Emma*): Ja, jy lag verniet. Vanaand is die aand wat die manne vuis slaan oor jou!

140. Dis sononder. 'n Stuk of vyftig motors, bakkies en 4x4-voertuie staan langs 'n groot sinkskuur in 'n plaat geparkeer met die laaste bietjie lig wat op die dakke weerkaats.

In 'n kort montage sien 'n mens braaivleisvure brand, kinders wat hardloop en skree, mense wat staan en gesels en uitbundig lag, haastige tannies wat skinkborde vol koeksisters aandra, 'n toonbank onder 'n seil-afdak waar die manne driediep staan en luidrugtig bier bestel en na agter toe aangee.

Aan die einde van hierdie montage kom hou Hendrik se motor tussen die ander stil. Hendrik en Nollie klim voor uit; Katrien, Emma en Willem agter.

6.11 Verduidelik waarom Emma daardie aand só gelukkig was. Noem TWEE feite. (2)

6.12 Ons ken vir Hendrik as iemand wat:

- Impulsief is
- Romanties kan wees
- Gou kwaad word

6.12.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in hierdie uittreksel die beste na vore? (1)

6.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.12.1. Verwys net na hierdie uittreksel. (1)

6.13 Waarom is 'n mens verbaas dat die McDonalds besluit het om Volstruisdans toe te gaan? (1)

6.14 Gee TWEE redes hoekom die aand vir die McDonalds 'n groot teleurstelling was. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die McDonalds wou die Volstruisdans bywoon omdat hulle (Manuel belowe het dat hulle sou gaan/deel van die gemeenskap wou wees). (1)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Willem was ná die Volstruisdans gelukkig en tevrede en het op die windpomp gesit en op sy (konsertina/mondfluitjie) gespeel. (1)

6.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.17) neer.

Ná die insident by die Volstruisdans het Hendrik aan die gemeenskap bewys dat hy ...

A hulle sou terugkry vir hulle optrede.
B geweet het hy het mag oor hulle.
C 'n eenvoudige, arm mens was.
D 'n beter mens as hulle was. (1)

6.18 Watter les het Emma daardie aand, ná die Volstruisdans toe hulle by die huis kom, vir die gesin geleer? (1)

6.19 Hoe was Katrien se houding teenoor Hendrik aan die begin van die drama in vergelyking met haar houding teenoor hom aan die einde van die drama? Verwys in jou antwoord na die begin en die einde. (2)

6.20 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (6.20.1 tot 6.20.4) neer.

Ná die Volstruisdans het 'n klomp mense na Hendrik se huis toe gery. Sy gesin het daar op die stoep by hom bly staan om te wys dat hulle (6.20.1) … Dit was Ouderling Bothma en Sakkie du Toit wat namens die gemeenskap kom (6.20.2) … maak het. Hendrik het almal uitgenooi om verder saam met hulle te (6.20.3) ... Ons kon sien dat die dorpsmense hulle uiteindelik (6.20.4) … het. (4)

6.21 Waarom, dink jy, is die nar nie meer nodig in die slot van die drama nie? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

FIELA: Bly stil, Benjamin, Ma is nog nie klaar gedink nie.

*Almal loop bedremmeld die huis in saam met* SELLING, *behalwe* FIELA *wat bly sit.*

FIELA (*op band*): Nee, die kind kan nie alleen na die fonteinkloof toe nie. Dit was 'n bang dwaas se uitkoms. Daarby het 'n tier skaars 'n maand gelede weer daar deurgekom en een van die Laghaans se ou slingermaer skape kom vang.

FIELA: (*staan op en gaan na die ander in die kombuis*): Dawid, kry reg jou voete, jy moet dorp toe. Tollie, breek dunhout en pak 'n buitevuur aan vir Ma. Emma, maak kleinvuur in die huis en hang vir ons kos oor. Kittie, loop haal die blik met die naaldgoed. (*Hulle staar haar verskrik aan.*) Benjamin gaan Knysna toe. (SELLING *sit sy hand op* BENJAMIN *se kop.*) Dit kan nie anders nie. Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad nie. Maar Saterdag sal hulle hom terugbring, sê ek vir julle. Hoor jy my, Benjamin? Saterdag sal hulle jou terugbring en die Here help hulle as hulle ooit weer hulle pote op hierdie werf sit! Ma stuur jou saam sodat die magistraat en die bosvrou jou kan bekyk en klaar kyk. En Ma belowe jou, jy sal nie nodig hê om jou kop anderkant daardie berg te laat sak omdat jy as 'n Komoetie ingeskryf staan in die Goewerment se boek nie.

7.1 Waarom moes Benjamin daardie Vrydag op Knysna wees? (1)

7.2 Fiela moes die sensusmanne se vrae oor Benjamin beantwoord en sy teenwoordigheid verduidelik (verdedig).

Wat was Fiela se antwoorde en verduideliking(s) op die volgende vrae en/of beskuldigings:

7.2.1 Waar het Fiela vir Benjamin gekry? (1)

7.2.2 Waarom het Fiela Benjamin se teenwoordigheid 'n geheim gehou? (1)

7.2.3 Waarom woon Benjamin nie skool by nie? (1)

7.3 Waarom het Fiela geglo dat Benjamin nie die verlore Boskind kon wees nie? (1)

7.4 "FIELA (*op band*): Nee, die kind …" (Reël 4)

7.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woorde "op band" dui aan dat Fiela (bid/dink). (1)

7.4.2 Wat lei ons uit hierdie spreekbeurt van Fiela af, met ander woorde watter plan probeer Fiela maak? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.5 Wat bedoel Fiela as sy sê: "Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad nie."? (Reël 11–12) (1)

7.6 Fiela het rede gehad om nie die twee sensusmanne te vertrou nie.

Waarom is hierdie stelling WAAR? Fokus net op dit wat die sensusmanne gesê of gedoen het. (1)

7.7 Die bou van enige drama steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.7.1 tot 7.7.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.7.1 | Die sensusmanne kom haal vir Benjamin met die kapkar. | A | Benjamin word die Van Rooyens se kind. |
| 7.7.2 | Lange sê vir Barta watter kind sy moet kies. | B | Lukas kry sy eerste pakslae by Elias. |
| 7.7.3 | Nina word geslaan totdat sy sê in watter rigting Lukas weggeloop het. | C | Fiela neem afskeid van haar kind deur sy goed te gaan afgee. |
| 7.7.4 | Die magistraat verbied Fiela om naby Benjamin te kom. | D | Fiela kan nie saam Knysna toe gaan nie. |
| | | E | Lukas raak verlief. |

(4 x 1) (4)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

Benjamin het, soos sy ma belowe het, nooit nodig gehad om skaam te wees omdat hy 'n Komoetie was nie. Dit is ook deur … aan die einde van die roman gesê.

A John Benn
B Barta van Rooyen
C Nina van Rooyen
D Mrs Weatherbury (1)

7.9 Verduidelik, met feite uit die drama, waarom dit onregverdig was om vir Benjamin by Fiela weg te neem en vir die Van Rooyens te gee. (2)

7.10 Waarom, dink jy, kon die magistraat nie anders as om te besluit om Benjamin vir die Van Rooyens te gee nie? (1)

7.11 Gestel Lukas het, nadat die magistraat hom aan die Van Rooyens gegee het, dit reggekry om weg te loop uit die Bos, Lange Kloof toe.

Hoe sou dit die verloop van die drama vir Nina ongelukkig gemaak het? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

LUKAS: … As ek reg onthou, het iemand destyds gesê ek moet 'n vis saam terugbring. Moenie huil nie, kyk, ek het die vyf sjielings ook nog. *(Lag en soen haar op die mond.)*

*Ligte doof uit met Fiela se stem op band.*

FIELA: Ons moes Selling lawe en hom in die kooi sit. Hy het gesê Kittie moet die Bybel bring en vir hom van die verlore seun lees. Maar Kittie het te veel gehuil en toe het Benjamin maar self gelees. Ons het nie 'n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie; ons het almal om Selling bly sit en sewe jaar tussen ons losgepraat.

*Ligte kom op oor Fiela se werf. Ons hoor 'n gekap op die agtergrond.* FIELA *en* SELLING *op verhoog.*

FIELA: (*op band*): Benjamin werk soos 'n man wat honger is en nie genoeg kan kry nie. Ons het die koring in die grond gekry.

SELLING: Die Here is goed, Fiela.

FIELA: Hy's is klaar met die Bos, Selling. Hy sal nie weer teruggaan nie.

SELLING: Daar's 'n hartseer in hom, Fiela.

FIELA: Ek weet, maar dit sal regkom. (*Gekap sterk op. Sy roep*.)
Benjamin, jy gaan nie met hierdie ding op die vangdam op nie! Die dam is drie keer groter en drie keer dieper as toe jy hom laas gesien het.

7.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas het besluit om na die Komoeties toe terug te gaan nadat hy gehoor het (dat Elias hom soek/van Dawid se dood). (1)

7.13 In reël 2 verwys Lukas na "vyf sjielings".

Waarom het Fiela dit jare gelede vir hom gegee om saam te neem Knysna toe? (1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Selling wou die verhaal van die verlore seun hoor omdat dit hom aan (Lukas/Tollie) laat dink het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.15 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (7.15.1 tot 7.15.4) neer.

Fiela en Selling kon sien dat Lukas nie homself was nie. Sy probleem was dat hy op (7.15.1) … verlief was. Dit was 'n verbode liefde omdat hy gedink het dat hierdie meisie sy (7.15.2) … was. Dit was vir hom belangrik om uit te vind wie hy werklik was. Daarom het hy besluit om weer die twee wêrelde van sy kinderdae op te soek: eers (7.15.3) … waar hy nou is en toe weer die (7.15.4) … waar die Van Rooyens was. (4)

7.16 Verduidelik die innerlike konflik wat Fiela beleef het toe Lukas na sewe jaar daar gestaan het – treë van haar af. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)

7.17 Ons ken vir Selling as iemand wat:

- Help waar hy kan, ten spyte van sy sieklikheid
- Vir Fiela kon raad gee
- Geweet het wat in sy kinders se harte aangaan

7.17.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in hierdie uittreksel die beste na vore? (1)

7.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.17.1. Verwys net na hierdie uittreksel. (1)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.18) neer.

Dit was vir Lukas belangrik om te leer roei sodat …

A Selling trots op sy seun kan wees.
B John Benn hom as roeier sou kon aanstel.
C Armstrong hom kon vra om na die spookskip te roei.
D Kaliel September hom meer vir sy dienste kon betaal. (1)

7.19 Dink aan Lukas se gesprek met Fiela net ná hierdie uittreksel.

Noem TWEE dinge waaroor Lukas met Fiela gepraat het. (2)

7.20 Lukas het by twee geleenthede vir Barta gevra of hy haar kind is.

Hoe het Barta se antwoord tydens sy eerste besoek aan hulle verskil van haar antwoord tydens sy tweede besoek? Verwys in jou antwoord na al twee besoeke. (2)

7.21 Watter les, dink jy, het Barta in hierdie drama geleer uit dit wat tussen haar en Lukas gebeur het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **'VEGVLIEËNIER VIVIAN' – Francois Geringer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

*"Goeg, jou patat!" val sy hom onmiddellik aan. Dan lag sy verleë toe sy omkyk en 'n netjies geklede weermagoffisier sien skater vir haar verleentheid.*

*Hy kry haar egter ook jammer en om haar enige verdere verleentheid te spaar, skets hy vir haar oorsigtelik die werking van die ystervuis van die lugmag.*

*Sy is egter meer geïnteresseerd as wat hy dink en dit is nie lank nie of hy moet alles tot in die fynste besonderhede beskryf.*

*Die offisier laat haar toe om die stuurstang liggies te hanteer. 'n Wonderlike gewaarwording skop in haar nes. "Die wonderwerk gaan deel van my toekoms word," besluit sy daar en dan, min wetende dat haar onmiddellike toekoms juis as gevolg daarvan nie juis teerpad en afdraande sou wees nie.*

*Sy raak eers weer van John se bestaan bewus toe sy haar voete op die aarde neersit.*

*"As ek 'n keuse moet maak, sal dit seker vlieg wees wat gaan wen," dink sy terwyl sy emosioneel terugkyk na die magtige mensgemaakte masjien.*

*Terwyl sy die aansoekvorm, om tot die vliegskool toegelaat te word, onder haar arm vasknyp, laat sy uitgelate van haar hoor: "Dink net! Om so vry soos 'n voël hoog deur die lug te kan vlieg. Dit moet fantasties wees! Hoekom doen jy nie ook aansoek nie, dan kan ons saam deur die kursus gaan en …"*

8.1.1 Waar speel hierdie eerste ontmoeting van Vivian met die ystervuis van die lugmag af? (Reël 5–6) (1)

8.1.2 Wat word bedoel met die volgende woorde oor Vivian se toekomsplanne?

*"… nie juis teerpad en afdraande sou wees nie."* (Reël 12–13) (1)

8.1.3 Daar was sekere dinge oor Vivian se opleiding waarvan sy nie geweet het toe sy daardie dag besluit het wat sy wou word nie.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na die:

(a) Fisiese uitdaging (1)

(b) Emosionele uitdaging (1)

(c) Diskriminasie (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.4 Watter deel van Vivian se opleiding was vir haar die maklikste? (1)

8.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.5) neer.

Vivian se medevlieëniers mag dalk anders gedink het, maar vir haar was hulle soos ...

A mentors.
B vyande.
C broers.
D leiers. (1)

8.1.6 Verduidelik waarom 'n mens kan sê dat Vivian reg was toe sy gesê het dat sy 'n goeie vegvlieënier is. Gee TWEE feite. (2)

8.1.7 Wat het in die aantrekkamer tussen Vivian en die res van die span gebeur wat 'n mens vir Vivian laat jammer voel? (1)

8.1.8 Die bou van enige kortverhaal steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.8(a) tot 8.1.8(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Vivian besluit wat sy na skool wil doen. | A Vivian besef wat oorlogvoering vir haar inhou. |
| (b) Die mans wat nie gekeur is om die kursus te voltooi nie, is veral negatief teenoor Vivian. | B Vivian wonder of al haar harde werk die moeite werd is. |
| (c) Die vyand beplan 'n verrassingsaanval. | C Vivian kry die opdrag om uit die gevegsone te bly. |
| (d) Vivian red die kaptein se lewe. | D John, Vivian se vriend, ondersteun haar nie. |
| | E Vivian word uiteindelik op gelyke voet aanvaar. |

(4 x 1) (4)

8.1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.9) neer.

Toe kaptein Leon Swart met haar gepraat het nadat sy die eerste vliegtuig afgeskiet het, het sy ... in sy stem gehoor.

A vrees
B begrip
C verwyt
D dankbaarheid (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.10 Verduidelik die uiterlike konflik tussen Vivian en haar kaptein toe hy die instruksies vir die aanvalsplan gegee het. Verwys na albei karakters. (2)

**EN**

8.2 **'VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND' – Dana Snyman**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

| |
|---|
| Ons klim uit my bakkie, ek en Johannes. Ek kuier 'n paar dae by my pa op Ventersdorp, en Johannes, wat al 'n ruk by my pa werk, het gevra of ek nie vir hom 'n rol ogiesdraad hier kan kom aflaai nie. My pa het die pakkamer skoongemaak en besluit Johannes kan maar die rol draad kry.<br>Johannes wil 'n hoenderhok met die ogiesdraad bou. Ons lig dit van die bakkie en dra dit oor Johannes se skoongevede werf. In die hoek van die werf staan reeds vier bloekomlote ingeplant – die skelet van 'n hok waarvoor Johannes nog die hoenders moet kry. Die hond het hy darem al. Hy is maer en geel en lê langs 'n pampoenrank in die buitekleinhuisie se skadu, met 'n vraagteken vir 'n stert, en 'n halsband om die nek, vas aan 'n ketting, wat weer om 'n draad vas is wat laag oor die lengte van die werf gespan is.<br>Aan die een kant van die draad het die hond al 'n hol paadjie uitgedraf. Ons laat val die rol ogiesdraad op die grond.<br>Ek gaan staan langs Johannes se huis. Dis 'n sinkkaia, of soos dit in die township genoem word 'n *makuku*.<br>"Waar kry jy al die sinke, hè, Johannes?" vra ek.<br>"Ek kry hulle so bietjies-bietjies," antwoord hy. "Potch se kant toe. Lichtenburg se kant toe. |

8.2.1 Wat was Johannes se regte naam? (1)

8.2.2 Die verteller se pa was nie suinig nie.

Sê hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.2.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die nommerplaat wat Johannes bokant sy deur gehang het, was om (sy adres aan te dui/sommer net grênd te lyk) en dit het sy huis anders as die ander huise gemaak. (1)

8.2.4 Watter verskil het die verteller opgemerk tussen sy of sy pa se leefwyse aan die een kant en van dié van Johannes aan die ander kant? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.5 Johannes het die verteller ingenooi.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die (Bitter Lemongroen deur/wynrooi bank) in Johannes se huis het vir die verteller aan die verlede laat dink. (1)

(b) Wat lei ons uit hierdie ou herinneringe van die verteller af? (1)

8.2.6 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (8.2.6(a) tot 8.2.6(d)) neer.

Die verteller het Johannes se ware identiteit ontdek toe hy die 8.2.6(a) … teen Johannes se muur gesien het. Johannes het dit by 'n 8.2.6(b) … gekry. In Johannes se huis het hy ook 'n foto van Johannes se gunstelingsokkerspan, 8.2.6(c) … gesien. Johannes het die verteller aangespreek as 8.2.6(d) … as 'n teken van respek en eerbied. (4 x 1) (4)

8.2.7 Ons ken die verteller in hierdie verhaal as iemand wat:

- Nuuskierig is
- Fyn detail raaksien
- Help waar hy kan

(a) Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in reël 1 tot 3 die beste na vore? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.7(a). Verwys net na reël 1 tot 3 van hierdie uittreksel. (1)

8.2.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was duidelik dat Johannes (skaam/trots) was om sy huis vir die verteller te wys. (1)

8.2.9 Verduidelik waarom die verteller aan die einde van die kortverhaal dankbaar behoort te wees dat hy daardie dag by Johannes se huis was. Gee TWEE feite. (2)

8.2.10 Waarom, dink jy, word daar so baie op die detail in en om die huis gefokus? (1)

8.2.11 Waarom pas die titel van die kortverhaal perfek by die inhoud van die verhaal? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

**VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL***

9.1 **'EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE' – HA Fagan**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE – HA Fagan**

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

9.1.1 Watter LETTERLIKE inligting kry ons uit die gedig se titel? (1)

9.1.2 Watter tipe spreker het ons in hierdie gedig? (1)

9.1.3 "Ek hoor **aaneen, aaneen** die golwe slaan" (Reël 2)

Waarom herhaal die spreker die woord "aaneen"? (1)

9.1.4 Watter TWEE natuurdinge word in reël 1–8 beskryf? (2)

9.1.5 Kies die letterkundige begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.1.5(a) tot 9.1.5(c)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "Ek hoor die winde huil" (reël 5) | A alliterasie |
| (b) "soek en smag" (reël 8) | B metafoor |
| (c) "hoe loei die storm daarbuite" (reël 10) | C personifikasie |
| | D klanknabootsing |

(3 x 1) (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.1.6 Waarom word die aandagstreep in reël 5 gebruik? (1)

9.1.7 Waarmee word die wind in hierdie gedig vergelyk? (1)

9.1.8 Gee 'n voorbeeld van assonansie uit reël 7. Dui die assonerende klanke duidelik aan. (1)

9.1.9 Watter sintuig word in die gedig beklemtoon? (1)

9.1.10 Wat impliseer die woorde "loei" (reël 10) en "ruk" (reël 11) oor die wind? (1)

9.1.11 Die spreker in hierdie gedig is baie bang.

Sê hoekom die stelling ONWAAR is. (1)

9.1.12 Verduidelik watter rol die vuurtjie en die kersie in die spreker se huis speel. (1)

9.1.13 Waarom is daar so baie verkleinwoorde (huisie, kersie, vuurtjie) in hierdie gedig? (1)

9.1.14 Watter boodskap het jy uit die laaste versreël van hierdie gedig gekry? (2)

**EN**

9.2 **'DIE BOODSKAPPER' – Peter Snyders**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daai 'n knipoeg
van jou
na my?

Djy is soe naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van 'n gedagte
weg van my

Ek los 'n boodskap
by Venus vir jou –
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

9.2.1 Wat is die boodskap wat die spreker vir die geliefde wil stuur? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2.2 Teen watter tyd van die dag moet die boodskap gestuur en ontvang word? (1)

9.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.3) neer.

"Djy is soe naby
soes die helderste ster" (reël 5 en 6) is 'n voorbeeld van ...

A metafoor.
B vergelyking.
C assonansie.
D personifikasie. (1)

9.2.4 Waarom was dit slim van die digter om reël 3 en reël 4 in te keep? (1)

9.2.5 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die vraagnommers (9.2.5(a) tot 9.2.5(c)) en die antwoord neer.

Die spreker spreek sy geliefde aan terwyl hy na die (9.2.5(a)) … kyk. Hy maak gebruik van 'n (9.2.5(b)) … vraag om haar te vra of sy vir hom (9.2.5(c)) … het. (3)

9.2.6 Wat beteken dit dat die geliefde "die spoed van 'n gedagte" (reël 7) weg van die spreker is? (1)

9.2.7 Waaruit kan jy aflei dat die spreker se geliefde 'n student is? (1)

9.2.8 Waarom word die boodskap juis by Venus gelos? (1)

9.2.9 Kies die KORREKTE antwoord dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.9) en die antwoord neer.

Die funksie van die dubbelpunt in reël 13 is om (die spreker se direkte woorde/'n verduideliking) aan te dui. (1)

9.2.10 Wat is die "dit" waarna in reël 13 verwys word? (1)

9.2.11 Hoe sou die spreker se geliefde weet watter boodskap die regte een is? (1)

9.2.12 Die spreker probeer baie romanties wees. Hoekom sê jy so? (1)

9.2.13 Haal uit strofe 3 aan om aan te dui wie die boodskapper is na wie die titel verwys. Dui die boodskapper duidelik aan. (1)

9.2.14 Waarom kan ons sê dat die spreker 'n realistiese interpretasie gegee het van die ster wat vonkel? (1)

9.2.15 Waarom is die spelling in hierdie gedig anders as wat jy in die Afrikaansklas leer? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 37 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 10 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 13 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 18 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 21 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 25 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 'Vegvlieënier Vivian' | 18 | 30 |
| **EN** | | |
| 8.2 'Veertig sinkplate teen die suidewind' | 17 | 32 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 'Ek het 'n huisie by die see' | 18 | 34 |
| **EN** | | |
| 9.2 'Die boodskapper' | 17 | 36 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| NASIENRIGLYNE |
|---|
| • As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.<br>• Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.<br>• As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.<br>• As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.<br>• As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.<br>• By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.<br>• As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.<br>• By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.<br>• Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.<br>• Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.<br>• Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ( 'n ) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien eerste twee feite na, vertikaal of horisontaal. |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING: ROMAN**

**VRAAG 1: KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Op die Pictor/skip | 1 |
| | | |
| 1.2 | Jozef/Die Bosmense het geglo dit was Oupoot wat vir sy seun/Jorampie se dood verantwoordelik was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.3 | • C<br>• beskerm<br>• C beskerm<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.4 | • Dit was vir Saul moeilik, want sy pa kon/wou nie verstaan dat Saul **anders** as die res van die Bosmense was/**gedink** het nie.<br>• Saul het gevoel bome kan voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat mag die woorde* ***anders dink*** *verduidelik/uitbrei.)* | 1 |
| | | |
| 1.5 | • Die Bosmense het Saul **vals beskuldig/**'n verraaier genoem.<br>*(Mag spesifieke voorbeelde van vals beskuldigings noem)*<br>• Die Bosmense was kwaad/het Saul **kwalik geneem** dat hy die Bos verlaat het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.6.1 | ontsteld | 1 |
| | | |
| 1.6.2 | • Saul was baie lief vir Oupoot<br>• Saul sou vir Oupoot met sy lewe verdedig het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.7.1 | Saul was Oupoot se mensbroer/Oupoot was Saul se dierbroer. | 1 |
| | | |
| 1.7.2 | As Saul probleme ondervind het, was Oupoot altyd in die omtrek.<br>*(Mag ook voorbeelde noem)* | 1 |
| | | |
| 1.7.3 | Saul en Oupoot was lief vir die Bos.<br>*(Mag ook voorbeelde noem/omskryf)* | 1 |
| | | |
| 1.8 | • Saul was op pad oorsee omdat hy besef het dat daar vir hom geen toekoms in Knysna was nie.<br>• Saul was op pad oorsee omdat MacDonald gesorg het dat niemand 'n erf/enige grond aan Saul wou afstaan nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | • Hy het verwys na die **Bos** wat hy verlaat het om **nooit weer daarheen terug te keer nie.**<br>• Hy bedoel hy het gesweer hy kom **nooit weer** in die **Bos** nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat moet beide "grond"= Bos en "afgesweer"= nooit weer terugkeer in die antwoord akkommodeer om die punt te kry.)* | 1 |
| | | |
| 1.10 | • Vergifnis<br>• Aanvaar die hand wat na jou uitgesteek word./Moenie bitter of ondankbaar wees nie.<br>• Dink aan die dag van môre.<br>• Dink vir jouself.<br>• Familie is belangrik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.11.1 | • D<br>• Saul is baie stil in sy vriend se geselskap op die skip.<br>• D Saul is baie stil in sy vriend se geselskap op die skip.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.11.2 | • A<br>• Saul sien na jare weer vir Ou Sanna.<br>• A Saul sien na jare weer vir Ou Sanna.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.11.3 | • E<br>• Saul het nie nodig om 'n derde sirkel te voltooi in sy soektog na Oupoot nie.<br>• E Saul het nie nodig om 'n derde sirkel te voltooi in sy soektog na Oupoot nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.11.4 | • C<br>• Saul moet sy oorspronklike plan, waarom hy terug in die Bos is, verander.<br>• C Saul moet sy oorspronklike plan, waarom hy terug in die Bos is, verander.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.12 | Maska | 1 |
| | | |
| 1.13 | Meulbos | 1 |
| | | |
| 1.14 | • Stopforth<br>• Een van die delwers<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.15 | • B<br>• verskriklik ontsteld was oor Oupoot se dood.<br>• B verskriklik ontsteld was oor Oupoot se dood.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Saul het Maska beskuldig dat dit sy skuld was dat Oupoot geskiet is (omdat Maska nie gekyk het dat hulle hom nie skiet nie). Maska het homself verdedig deur te sê dat hy nie vir Jozef-hulle én die delwers kon keer nie. ✓✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 1.17 | • Oupoot was die **koning van die Bos**; dus het sy oorblyfsels daar gehoort./Begrawe Oupoot waar hy geheers het.<br>• Oupoot was geen gewone olifant nie; dus het hy **spesiale behandeling verdien./**Dit was die laaste eer wat hy aan sy dierbroer kon bewys.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.18.1 | 14 | 1 |
| | | |
| 1.18.2 | gal | 1 |
| | | |
| 1.18.3 | gelieg/gejok | 1 |
| | | |
| 1.18.4 | waarheid | 1 |
| | | |
| 1.19 | Saul het besef dat Oupoot **onskuldig** was./Oupoot nie kon boet vir wat ander verkeerd gedoen het nie./Oupoot **nie kon sterf as gevolg van 'n leuen** nie.<br>*(Kernfeite is Oupoot se onskuld en die stryd tussen waarheid en leuen) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |
| | | |
| 1.20.1 | omgegee het vir sy familie<br>*(1.20.1 moet korrek wees vir 1.20.2 om die punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 1.20.2 | • Saul het vir Jozef (en sy kinders) werk aangebied.<br>• Saul het vir Jozef die kans gebied om los te kom uit die houtkopers se skewe sirkel.<br>• Saul wou met Jozef vrede maak/smeek hulle moet ou dinge los.<br>• Saul kon met sy broer simpatiseer oor sy kind se dood.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.21 | • Saul het in die Bos gehoort.<br>• Saul moes vrede maak met die res van sy familie.<br>• Saul en Kate kon dan bymekaar uitkom.<br>• Dit was die enigste manier om vir Saul te laat besef dat sy plek in die Bos was.<br>• Saul moes sien hoe die Bos verniel is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | Fabienne | 1 |
| | | |
| 2.2 | • Sy wou van die werklikheid ontvlug.<br>• Sy was ongelukkig/ontevrede met haar gesin/omstandighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.3.1 | Hanna se ma/Mana ...<br>• het met 'n homoseksuele man getrou/'n kind by hom gehad.<br>• het haar swart langbroekpak op haar troudag gedra.<br>• wou 'n kind hê, maar nie 'n man nie.<br>• het deur kunsmagtige bevrugting 'n tweede baba gekry.<br>• wou hê haar kinders moes haar op haar naam noem.<br>• het haar hele gesin (kinders, stiefkinders en honde) saam op wittebrood geneem.<br>• het nie 'n probleem gehad met seuns wat met poppe speel of dogters wat rugby speel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.3.2 | Tibo was 'n proefbuisbaba/vervaardig (terwyl Hanna 'n pa gehad het/geskep is).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.3.3 | • Gavin het 'n wit syhemp en 'n langbroek van wit linne gedra.<br>• Gavin het so aangetrek dat hy meer aandag as die bruid getrek het.<br>• Gavin was glamorous aangetrek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.4 | • Hanna se verbeelding is die een ding wat haar anders as ander mense maak/laat uitstaan.<br>• Hanna se verbeelding het haar anders laat dink.<br>• Haar kreatiwiteit/skryftalent maak haar anders.<br>*(Enige EEN Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.5.1 | tandarts<br>*(2.5.1 moet korrek wees vir 2.5.2 om die punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 2.5.2 | • Hanna het 'n groot gaping tussen haar voortande (en dit pla haar baie)./Hanna is ontevrede met haar tande./Hanna wil graag draadjies om haar tande hê.<br>• Hanna sien 'n tandarts se beroep as "normaal"/beroep wat genoeg geld verdien/'n mooi huis kan bekostig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.6 | • Beyers het Hanna aangemoedig om te skryf.<br>• Beyers het vir Hanna 'n digbundel as geskenk gegee.<br>• Yann het vir Hanna 'n pen as geskenk gegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.7.1 | • C<br>• Die wittebrood op Botterberg word gereël.<br>• C Die wittebrood op Botterberg word gereël.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 2.7.2 | • A<br>• Die gesin word aan die einde van die verhaal gered.<br>• A Die gesin word aan die einde van die verhaal gered.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 2.7.3 | • B<br>• Die gesin word by fisiese oefening betrek.<br>• B Die gesin word by fisiese oefening betrek.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 2.7.4 | • D<br>• 'n Vrolike atmosfeer word by die vakansie geskep.<br>• D 'n Vrolike atmosfeer word by die vakansie geskep.<br>*(Enige EEN )* | 1 |
| | | |
| 2.8 | • B<br>• in haar goed gekrap.<br>• B in haar goed gekrap.<br>*(Enige EEN )* | 1 |
| | | |
| 2.9 | • Hanna het Margot nie goed genoeg geken om só 'n opinie te vorm nie./Hanna het nie Margot se omstandighede geken om só 'n opinie te vorm nie.<br>• Hanna het haar opinie oor Margot gevorm deur net na haar voorkoms te kyk.<br>• Hanna het 'n opinie oor Margot gevorm op grond van wat ander mense oor Margot gesê het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.10 | Dit het die gesin ...<br>• gedwing om saam te wees/dinge saam te doen. (Mag dinge noem)<br>• saam vasgekeer.<br>• 'n kans gegee om mekaar beter te leer ken.<br>• geleer om onder moeilike omstandighede saam te staan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.11 | • Gavin was vir die eerste keer in 'n lang tyd by haar verjaarsdag.<br>• Hanna was bang Gavin tree vreemd op. (Mag voorbeelde noem)<br>• Hanna het vir Margot as ongenooide gas by haar verjaarsdag gehad.<br>• Hanna was bang oor wat Sharon van haar familie, veral Gavin, gaan dink.<br>• Mana het die partytjie gereël sonder om vir Hanna te vra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.12 | die rivier afgekom het | 1 |
| | | |
| 2.13 | • Hanna het uitgevind hoe Gavin oor haar gevoel het.<br>• Hanna het gehoor dat sy perfek/"fabulous" was toe sy gebore is.<br>• Hanna het uitgevind dat Gavin haar Fabienne sou wou noem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.14 | naels knip | 1 |
| | | |
| 2.15.1 | water | 1 |
| | | |
| 2.15.2 | helikopter | 1 |
| | | |
| 2.15.3 | Johannesburg | 1 |
| | | |
| 2.15.4 | Gavin | 1 |
| | | |
| 2.16 | Mana kon aan die een kant gerus voel dat sy reeds twee keer babas gehad het,✓ maar aan die ander kant was sy hierdie keer bang omdat sy geen opgeleide dokter of verpleegster daar gehad het nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 2.17.1 | leiding neem as daar 'n krisis is<br>*(2.17.1 moet korrek wees vir 2.17.2 om die punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 2.17.2 | Tydens Ditjie se geboorte …<br>• neem Margot beheer van die situasie.<br>• is Margot kalm.<br>• deel Margot bevele uit.<br>• gee Margot vir almal take om uit te voer.<br>• hou sy die pasiënt rustig.<br>• gebruik sy haar ervaring as verpleegkundige<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings om bogenoemde te bewys kan gegee word)* | 1 |
| | | |
| 2.18 | • A<br>• 'n roman te skryf.<br>• A 'n roman te skryf.<br>*(Enige EEN )* | 1 |
| | | |
| 2.19 | Gavin se geskenk vir Hanna se vyftiende verjaarsdag ...<br>• was praktieser as al die ander geskenke.<br>• het beter by haar gepas as al die ander geskenke.<br>• het gewys dat hy nou vir Hanna begin verstaan en<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Gavin se vorige geskenke het nie by Hanna gepas nie, ✓ maar die geskenk vir haar vyftiende verjaardag was klassiek. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 2.20 | Margot het geleer hoe ...<br>• om net haarself te wees.<br>• om familietyd te waardeer/geniet.<br>• om haarself in 'n beter lig te sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.21 | • Hanna se **lewe** was nie saai nie/was vol **avonture**. (Die ongelooflike avonture)<br>• Die verhaal wat sy sou skryf sou op die **waarheid** gebaseer kon word. ('n Ware verhaal)<br>• **Hanna** sou die **hoofkarakter** van hierdie verhaal wees./Hanna sou steeds die karakter wees wat dinge bevraagteken. (Hanna Hoekom)<br>(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Jacob | 1 |
| | | |
| 3.2.1 | Dit het afgebrand.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.2.2 | Haar man het haar seun geskiet en toe homself./Hulle is albei dood.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat moet na albei verwys)* | 1 |
| | | |
| 3.2.3 | Die rede was moontlik finansiële probleme/betrokkenheid by verkeerde mense/dwelms.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.3.1 | ontstel het | 1 |
| | | |
| 3.3.2 | • Hy het spesiaal vir haar daardie pos op Meeuland geskep.<br>• Hy het vir haar gesê dat daar terapie in tyd/heil in arbeid was.<br>• Hy het gesê dis net sy wat haar lewe kon oor begin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.4 | • Sy wou nie meer Camilla Calvin wees nie.<br>• Sy wou 'n nuwe begin maak/nie haar verlede met haar saamdra nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aanbogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.5 | Dit verwys na Jacob se lelike aanmerkings oor Ryna/woedende reaksie/ die lelike dinge wat Jacob oor Ryna gesê het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.6 | ONWAAR, want ...<br>• Jacob was kortaf met haar.<br>• Jacob het hom kortaf voorgestel sonder om te groet.<br>• Jacob het sommer dadelik gesê hy stuur haar na drie maande terug.<br>• sy oë het vyandigheid gewys.<br>• hy het glad nie op pad Meeuland toe met haar gepraat nie.<br>• hy was geïrriteerd oor hoe lank sy sou bly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 3.7.1 | • E<br>• Jacob vlug met sy hartseer Meeuland toe.<br>• E Jacob vlug met sy hartseer Meeuland toe.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.7.2 | • C<br>• Jannerik gaan treur op Meeuland.<br>• C Jannerik gaan treur op Meeuland.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.7.3 | • D<br>• Attie besluit om op Meeuland te gaan werk.<br>• D Attie besluit om op Meeuland te gaan werk.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.7.4 | • A<br>• Elsabet gaan soek aanvaarding op Meeuland.<br>• A Elsabet gaan soek aanvaarding op Meeuland.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.8 | • D<br>• die Langhanse haar nie hartlik op Meeuland verwelkom het nie.<br>• D die Langhanse haar nie hartlik op Meeuland verwelkom het nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.9 | Jannerik het die regte besluit geneem omdat ...<br>• Ou Sanna nie behoorlik na Janka sou kon kyk nie.<br>• Janka toe Elsabet se baba se plek kon inneem.<br>• Janka gehelp het om Ryna weer heel te maak.<br>• Janka indirek met haar biologiese pa kontak kon maak, sonder dat sy geweet het dat dit haar pa was.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.10 | • Elsabet wou nie op Meeuland bly nie.<br>• Elsabet was nog altyd verlief op Fred.<br>• Elsabet het gevoel Jacob verstaan nie haar behoeftes nie.<br>• Elsabet wou nie so sukkel op Meeuland nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.11 | Dis hartseer om te dink dat ...<br>• Ryna en Jacob dan nie bymekaar sou uitkom nie.<br>• Janka dan weer iemand vir wie sy lief is, sal verloor.<br>• Ryna dan weer met haar verlede gekonfronteer sal word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.12 | Jannerik | 1 |
| | | |
| 3.13 | Haar boek is bekendgestel. | 1 |
| | | |
| 3.14 | kêrel | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.15.1 | Jacob | 1 |
| | | |
| 3.15.2 | skoolhou | 1 |
| | | |
| 3.15.3 | (Lap)pikkewyn | 1 |
| | | |
| 3.15.4 | Meeuw | 1 |
| | | |
| 3.16 | Aan die een kant het sy daarna uitgesien om te gaan skoolhou, ✓ maar aan die ander kant was sy traag om vir Jacob/Meeuland te moes groet. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 3.17.1 | simpatie met ander het<br>*(3.17.1 moet korrek wees vir 3.17.2 om punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 3.17.2 | Ryna kan ...<br>• verstaan wat Doreen deurmaak.<br>• haar indink dat Doreen nodig het om haar pyn te verwerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings wat by bogenoemde aansluit kan aanvaar word)* | 1 |
| | | |
| 3.18 | • Die Fortune het olie gestort wat 'n ramp vir Meeuland (en sy voëllewe) was.<br>• Elsabet het verdrink.<br>• Janka is geskiet.<br>• Attie het aangekondig dat hy weggaan.<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| | | |
| 3.19 | • D<br>• toe haar hele lewensgeskiedenis geken het.<br>• D toe haar hele lewensgeskiedenis geken het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.20 | Aan die begin het sy gesweer dat **niemand moes weet** dat Janka Kinnie se baba was nie.✓<br>Aan die einde het sy geglo dat dit nodig was dat **Fred ingelig** moes word. ✓<br>OF<br>Voordat sy geweet het wie Janka se pa was, het sy geglo **niemand moes weet** dat Janka nie Elsabet se kind was nie. ✓<br>Nadat sy uitgevind het wie Janka se pa was, het sy geweet dat **Fred die reg gehad** het om te weet. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |
| | | |
| 3.21 | Ek het geleer dat ...<br>• liefde alles oorwin.<br>• liefde beteken om deur dik en dun bymekaar te staan.<br>• ware liefde bestaan.<br>• daar tweede kanse is om liefde te vind.<br>• liefde onvoorwaardelik is.<br>• liefde dit die moeite werd maak om daarvoor te wag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | (Hoërskool) Jakaranda | 1 |
| | | |
| 4.2 | Wouter het ...<br>• vriende met die ander kinders by die skool gemaak.<br>• aan buitemuurse bedrywighede (krieket) deelgeneem.<br>• daaraan gedink om na die matriekafskeid gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.3 | • C<br>• aan haar pa en sy drome vir haar, herinner wou word nie.<br>• C aan haar pa en sy drome vir haar, herinner wou word nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.4 | Dit verwys na hulle ...<br>• vriendskap/verhouding.<br>• saamwees/ hulle tyd saam by Jakaranda<br>• matriekjaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.5 | • Lien was jaloers.<br>○ Lien het nie daarvan gehou dat Wouter met ander meisies gesels nie.<br>○ Lien wou nie Wouter se vriendskap deel/verloor nie./Wouter was haar enigste vriend by die skool<br>○ Lien was bang dat Wouter nie meer tyd vir haar sou hê nie.<br>○ Hy was nie altyd beskikbaar nie – hy het sportoefening gehad<br>• Wouter was altyd eerlik met Lien en sy het nie noodwendig daarvan gehou nie.<br>○ Lien voel dat hy 'n "rugsteker" is omdat hy saam met Juffrou Breytenbach stem dat sy nie juis "Lientjie Lieflik" is nie.<br>○ Wouter sê Lien oorreageer na haar gesprek met Juffrou Breytenbach en Lien is woedend vir hom.<br>• Sy het geïrriteerd geraak as hy so positief was.<br>○ Hy was grapperig/vol streke en sy het geen tyd daarvoor gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.6.1 | makliker | 1 |
| | | |
| 4.6.2 | • Lien het na die ou dae terugverlang<br>• hou nie van haar huidige omstandighede nie/sukkel om daarby aan te pas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.7.1 | • Hulle het nie geld gehad vir basiese behoeftes/noodsaaklikhede nie.<br>• Haar pa het hulle finansieel in die moeilikheid gelaat.<br>• Haar ma het haar werk verloor/finansieel niks bygedra vir die huis nie.<br>• Daar was nie kos/geld in die huis nie.<br>• Lien moes gaan werk/bedel sodat hulle geld kon hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.7.2 | • Die atmosfeer tuis was gespanne/vol konflik.<br>• Dit was baie alleen/hartseer by die huis.<br>• Daar was geen huislikheid meer nie/somber/ongelukkig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kern is spanning of verlies aan huislikheid)* | 1 |
| | | |
| 4.7.3 | • Haar ouers het nie die gewone verantwoordelikhede gedra wat ouers behoort te dra nie/het hul verantwoordelikhede op Lien afgeskuif.<br>• Haar pa was in die tronk/het die gesin in die skande gesteek/in finansiële moeilikheid gelaat, ens.<br>• Haar ma was gedurig dronk/het gesteel/het voortdurend van die werk af weggebly, ens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kan voorbeelde noem of omskryf)* | 1 |
| | | |
| 4.8.1 | • D<br>• Lien hoor dat sy nie haar potensiaal moet verwaarloos nie.<br>• D Lien hoor dat sy nie haar potensiaal moet verwaarloos nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.8.2 | • C<br>• Lien verloor haar werk by die koffiewinkel.<br>• C Lien verloor haar werk by die koffiewinkel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.8.3 | • A<br>• Lien laat glip die geleentheid om ondersteun te word, deur haar vingers.<br>• A Lien laat glip die geleentheid om ondersteun te word, deur haar vingers.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.8.4 | • B<br>• Lien besluit om tog maar vir die oudisie vir 'n rol in die skoolkonsert te gaan.<br>• B Lien besluit om tog maar vir die oudisie vir 'n rol in die skoolkonsert te gaan.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.9 | Miemie kon haar ...<br>• vertroueling word.<br>• emosioneel ondersteun.<br>• finansieel bystaan.<br>• verstaan.<br>• help om soms weg te kom uit haar moeilike omstandighede.<br>• haar laat ontspan/lag/pret hê.<br>• laat verstaan dat sy nie die enigste een was met probleme nie/hulle dieselfde situasies met afwesige ouers beleef.<br>(Mag dit ook omdraai, bv. Lien kon by Miemie ...)<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat mag ook een noem en dan daarop uitbrei)* | 2 |
| | | |
| 4.10 | • Ek voel hartseer, want hy was die een wat vir Lien kon laat lag. OF Wouter kon haar laat lag en daarom is ek hartseer dat hulle toe nie 'n paartjie geword het nie.<br>• Ek voel teleurgesteld, want hulle verstaan/ken mekaar se moeilike omstandighede.<br>• Ek voel tevrede, want sy het tog iemand gekry wat goed by haar pas.<br>*(Enige EEN van bogenoemde of ander relevante gevoel wat gemotiveer kan word uit die boek. Gevoel moet gemotiveer word met feite uit die boek.)* | 1 |
| | | |
| 4.11 | Lien kon leer dat ...<br>• vreemde mense ook vriende kan word/vreemdelinge 'n regverdige kans gegun moet word om hul vriendskap te bewys.<br>• elke mens ondersteuning nodig het.<br>• geen mens geïsoleerd kan lewe nie.<br>• jy net jouself benadeel as jy jou so eenkant hou.<br>• as jy nuut is, moet jy moeite doen om in te skakel.<br>• vriende moeilike omstandighede draagliker kan maak.<br>• nie almal jou gaan teleurstel nie; daar is altyd onderwysers wat kan help/luister.<br>• skoolwerk is belangrik vir jou sukses en groei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.12 | by Lien se nuwe skool | 1 |
| | | |
| 4.13 | • Juffrou Breytenbach<br>• Die drama/Afrikaans-onderwyseres<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.14 | die meisie wat min praat | 1 |
| | | |
| 4.15.1 | reuk | 1 |
| | | |
| 4.15.2 | (vreemde) vrede/rustigheid/geluk/kalmte/lekkerte<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Ons aanvaar slegs EEN WOORD)* | 1 |
| | | |
| 4.15.3 | Hein | 1 |
| | | |
| 4.15.4 | Tibbey | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 4.16 | • Hier by die konsert is haar klere netjies of sy dra 'n swart langbroek en nuwe bloes ✓EN by die huis was sy slordig of in 'n vormlose bloes geklee✓<br>OF<br>• Hier by die konsert dra sy haar hare in 'n netjiese bolla ✓ EN by die huis was haar hare ongekam/onversorg. ✓<br>• By die huis lyk sy slordig/onversorg/nie mooi nie en by die konsert lyk sy netjies/versorg/mooi.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Klere word vergelyk/hare/voorkoms in die algemeen.) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.))* | 2 |
| | | |
| 4.17 | • Aan die een kant het Christien/Lien se ma uitgesien/gesmag daarna om weer voor die klavier in te skuif/Christien wou vir Lien haar gunstelingstuk speel. Aan die ander kant was sy bang/onseker of sy dit nog sou kon doen/wat die mense se reaksie sou wees/hoe Lien sou reageer. ✓✓<br>• Sy wou graag klavier speel, maar dit herinner haar aan haar verlede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 4.18.1 | sensitief is<br>*(4.18.1 moet korrek wees vir 4.18.2 om punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 4.18.2 | Lien ...<br>• sien die kleinste beweginkie/emosie van haar ma raak.<br>• voel aan dat haar ma die musiekstuk vir haar speel.<br>• word geraak deur dinge uit haar verlede wat vir har saak maak.<br>• huil.<br>• sien die mooi dinge in die natuur raak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat mag aanhalings gebruik wat pas by bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.19 | • A<br>• bekommerd<br>• A bekommerd<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.20 | <u>Wat Lien gedoen het toe haar ma nie haar verantwoordelikhede nagekom het nie:</u><br>• Lien moes sorg dat daar geld was om kos te koop/huur te betaal.<br>• Lien moes kos maak/huis skoon hou/ alles in die huis doen.<br>• Lien moes vir haar broer sorg/broek regmaak/help om 'n borg vir sy krieketspan te kry/sy hare laat sny/sy krieketwedstryd bywoon.<br>• Lien moes haar trots in haar sak steek en hulp aanvaar.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Mag ook EEN noem en daarop uitbrei, bv. Wat? Lien moes na haar broer omsien. Hoe? Sy moes sorg dat sy klere heel was/dat sy hare kort gesny was.)*<br><u>Verduidelik hoe Lien die roeispaan opgetel het toe haar ma dit laat val het:</u><br>• Lien moes die gesin bymekaar hou ✓ toe haar ma dronk in haar kamer was.✓<br>• Lien moes gaan werk ✓terwyl haar ma by die huis gebly het/haar werk verloor het/in die kliniek was.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.21 | Die slot is effektief (m.a.w. werk goed), omdat ...<br>• die NASPEL by die VOORSPEL aansluit/dit siklies is – eindig en begin met video.<br>• dit die leser dwing om na te dink.<br>• al die karakters in die slot gelukkig is./Die slot is gelukkig.<br>• die gesin weer saam is.<br>• die slot die leser verras.<br>• dit ons leer om te vergewe.<br>• dit ons leer dat almal kan verander.<br>• Lien as hoofkarakter bo haar omstandighede uitgestyg het en as mens gegroei het.<br>• die gesin hulle "ou" Christien/pa teruggekry het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | |
|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A: 35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

***POPPIE – DIE DRAMA* – Sandra Kotzè**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | Hoedjie/Stanley (Hoedjie se Engelse naam) | 1 |
| | | |
| 5.2 | • Poppie het na haar familie (ma en broers) verlang.<br>• Poppie was die enigste vrou wat nog in daardie straat in Lambertsbaai oorgebly het.<br>• Al die huise rondom Poppie se huis was reeds platgeslaan.<br>• Poppie het nooit weer veilig gevoel nadat sy een keer gevang is en met die polisiewa polisiestasie toe geneem is nie.<br>• Sy het nie meer gerus gevoel daar nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.3 | • Poppie kon tronk toe gaan.<br>• Poppie se huis sou platgeslaan word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.4 | Die inwoners van Nyanga het gevoel dit was reg om te staak, want hulle ...<br>• het geglo dat die dra van 'n pas onnodig is.<br>• het geglo hulle het die reg gehad om vrylik tussen Langa en Nyanga te kon beweeg sonder 'n permit.<br>• minimum salaris was te min.<br>*(Enige TWEE redes of soortgelyk aan bogenoemde)(Kandidaat mag twee feite noem of uitbrei op een).* | 2 |
| | | |
| 5.5.1 | • Poppie moes die skool verlaat.<br>• Poppie moes ma Lena se kinders oppas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.5.2 | • Jakkie het 'n polisieman geskiet.<br>• Jakkie het by die opstand betrokke geraak.<br>• Jakkie was leier van die kinders wat in opstand gekom het.<br>• Jakkie het Poppie se kinders/sy familie by die polisie in die moeilikheid laat kom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.5.3 | Poppie se kinders is in hegtenis geneem omdat die polisie Jakkie nie kon opspoor nie.<br>*(Enige gevolg van Jakkie se optrede of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.6 | • C<br>• hardkoppig<br>• C hardkoppig<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 5.7.1 | Stone | 1 |
| | | |
| 5.7.2 | • Die polisieman het hom jammer gekry.<br>• Die polsieman was regverdig teenoor hom.<br>• Die polisieman het nie eers sy naam geken nie, maar het empatie getoon.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.8 | In 1960 het Plank en die kinders vir oompie Pengi gelag as hy dronk was. ✓<br>In 1976 het die kinders vir Plank gelag toe die polisie hom uit die hoenderhok gejaag het.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |
| | | |
| 5.9 | • Jakkie was groot, maar hy het die kinders gelei.<br>• Die *migrants* en die *cityborners* het teen mekaar geveg.<br>• Die polisie was ook betrokke in hierdie opstand.<br>• Die grootmense wat gedrink het, was die kinders se teiken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.10.1 | • B<br>• Ouma Hannie verhuis Upington toe.<br>• B Ouma Hannie verhuis Upington toe.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.10.2 | • D<br>• Die kinders moet by die ouma gaan bly.<br>• D Die kinders moet by die ouma gaan bly.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.10.4 | • C<br>• 'n Kind sterf as gevolg van die opstande.<br>• C 'n Kind sterf as gevolg van die opstande.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.11 | • Die kinders het die skole gebrand.<br>• Die busse is stukkend gegooi, (sodoende kon die kinders nie by die skool uitkom nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.12 | Soweto | 1 |
| | | |
| 5.13 | by die opstande betrokke sou raak | 1 |
| | | |
| 5.14.1 | leader/leier | 1 |
| | | |
| 5.14.2 | paswet(te) | 1 |
| | | |
| 5.14.3 | Afrikaans | 1 |
| | | |
| 5.14.4 | Comrades | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 5.15 | Aan die een kant het sy haar kinders gemis en dit het haar gepla dat haar kinders nie by haar was nie.✓<br>Aan die ander kant was hulle weg van die opstande/het hulle nog gelewe terwyl ander mense se kinders doodgeskiet is. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 5.16 | • Poppie het besef dat haar kinders toe self keuses moes maak.<br>• Poppie het besef die baklei was uit haar hande en in haar kinders se hande.<br>• Poppie het besef dat daar nie vrede sou kom nie.<br>• Poppie het nooit die moeilikheid gesoek nie.<br>• Poppie het besef dat die Here laat gebeur wat Hy wou.<br>• Poppie het toe geweet haar kinders is gebore met 'n pad wat vir hulle beplan was.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)(Kandidaat mag ook een noem en uitbrei daarop)* | 2 |
| | | |
| 5.17.1 | lief vir vrede is<br>*(5.17.1 moet korrek wees vir 5.17.2 om punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 5.17.2 | Poppie het ontsteld gereageer op ...<br>• die kinders wat geskiet is.<br>• die kinders wat alles vernietig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.18 | • B<br>• in die afwesigheid van 'n pa-figuur alle besluite moes neem.<br>• B in die afwesigheid van 'n pa-figuur alle besluite moes neem.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.19 | Jakkie ...<br>• bring vir sy ma hartseer.<br>• bring vir Poppie hartseer.<br>• stel die verkeerde voorbeeld vir kinders.<br>• kies die verkeerde pad.<br>• laat geleenthede om iewers te kom, verbyglip.<br>• betrek nou onskuldige mense/kinders by sy dade.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.20 | • Opstande bring net hartseer.<br>• Luister wanneer ouer mense jou raad gee.<br>• Moenie dink jy kry alleen swaar nie.<br>• Moenie by verkeerde dinge betrokke raak nie.<br>• Geweld is nie ‘n oplossing nie.<br>• Moenie moed opgee en gaan lê nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| | | |
| 5.21 | Vukile se dood het die opstand/die gevolge van die opstand vir Poppie 'n realiteit gemaak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***PALJAS – Chris Barnard***

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • In die Karoo<br>• In die Klein-Karoo<br>• Naby Uniondale<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.2 | • Hendrik wou seker maak dat geen man Katrien daar van hom kon wegneem nie.<br>• Hendrik wou Katrien net vir homself hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.3.1 | gebrekkige/swak kommunikasie/hulle het nie gekommunikeer nie | 1 |
| | | |
| 6.3.2 | • Emma het gesê sy sou nooit trou nie./Emma wou nie 'n verhouding met Nollie hê nie.<br>• Emma het opgehou klavier speel.<br>• Emma het haarself dikwels aan die gesin onttrek.<br>• Emma was meeste van die tyd geïrriteerd/kwaad (negatiewe emosies beleef).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.3.3 | Willem wou/kon nie praat nie.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 6.4 | • Sy wou nie met Hendrik praat nie.<br>• Sy wou nie hê Hendrik moes met haar praat nie.<br>• Uit roetine/gewoonte stop sy laaste by Emma/dis 'n ritueel wat dieselfde gebly het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.5.1 | elke aand | 1 |
| | | |
| 6.5.2 | • Sy was bekommerd hy kom iets oor (en kon haar nie roep nie.)/ wou hom beskerm.<br>• Sy het vir Willem jammer gevoel/het hom baie liefgehad.<br>• Katrien het vir Willem as verskoning gebruik om nie by Hendrik te slaap nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.6 | Sy wou baie graag weggaan van daardie plek af, ✓maar sy was lief vir Hendrik/wou by hom wees/wou nie haar gesin verlaat/in die steek laat nie ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 6.7 | • D<br>• altyd op haar beste vir hom gelyk het.<br>• D altyd op haar beste vir hom gelyk het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 6.8 | • Vir Katrien was Hendrik die enigste man vir wie sy ooit lief was.<br>• Haar gesin was vir haar belangrik, want (Willempie praat weer).<br>• Frans het aan haar 'n liefdesverklaring gemaak wat sy nie aanvaar het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.9.1 | • C<br>• Sy praat min./Sy speel nie meer klavier nie.<br>• C Sy praat min./Sy speel nie meer klavier nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.9.2 | • D<br>• Sy koop vir haarself oorbelle.<br>• D Sy koop vir haarself oorbelle.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.9.3 | • E<br>• Sy ontstel haar kind.<br>• E Sy ontstel haar kind.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.9.4 | • A<br>• Sy baklei met die dominee.<br>• A Sy baklei met die dominee.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.10 | Die nar/Manuel | 1 |
| | | |
| 6.11 | • Nollie het Emma gevra om saam met hom na die Volstruisdans toe te gaan.<br>• Hendrik het haar gekomplimenteer.<br>• Emma het mooi gevoel.<br>• Hendrik en Katrien was gelukkig/die gesin het saam iets gedoen.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat mag ook een noem en uitbrei).* | 2 |
| | | |
| 6.12.1 | Romanties kan wees<br>*(6.12.1 moet korrek wees vir 6.12.2 om punt te verdien)* | .<br>1 |
| | | |
| 6.12.2 | Hendrik ...<br>• gee vir Katrien en Emma komplimente.<br>• sê vir Katrien liefdesgediggies op.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings wat bogenoemde bewys kan gegee word)* | 1 |
| | | |
| 6.13 | • Hulle was nie deel van die dorpsmense se vriendekring nie./Hulle het nie ander sosiale geleenthede bygewoon nie.<br>• Hulle was tot op daardie stadium nie baie positief oor die dorpsmense nie.<br>• Die dorpsmense het op daardie stadium reeds negatief/intimiderend teenoor die McDonalds opgetree. (voorbeelde kan genoem word: staar; dorp; Nollie en Emma by die rivier, gooi klippe op dak, gooi klip en breek venster, het Manuel geskiet; alles wat daardie dag in die soektog na Manuel by hul huis gebeur het.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 6.14 | • Die McDonalds kon nie die dans waarna hulle so uitgesien het, bywoon nie.<br>• Die gemeenskap het openlik gewys dat hulle die McDonalds verwerp/ met eiers en tamaties/klippe gegooi het.<br>• Om netjies aangetrek te wees, het toe geen doel gedien nie.<br>• Die McDonalds kon nie glo mense tree só vyandig op nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 6.15 | deel van die gemeenskap wou wees | 1 |
| | | |
| 6.16 | konsertina | 1 |
| | | |
| 6.17 | • D<br>• 'n beter mens as hulle was.<br>• D 'n beter mens as hulle was.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.18 | • Die gesin moes met mekaar praat oor dinge wat belangrik is.<br>• Die gesin moes vir mekaar sê as iets verkeerd is.<br>• Die gesin moes vir mekaar sê as iets hulle ongelukkig maak.<br>• Daar moes oop kommunikasie wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.19 | • Aan die begin was Katrien verbitterd/afsydig/koud/wou sy nie by hom lê nie/krities/veroordelend teenoor Hendrik. ✓ Aan die einde het sy haar emosies gewys/saam met hom gelag/gediggies opgesê/met hom gedans/by hom gelê/hom bygestaan/ ondersteun/in sy oor gefluister. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |
| | | |
| 6.20.1 | saamstaan/omgee<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 6.20.2 | vrede/verskoning/reg<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 6.20.3 | dans/kuier/drink/wees<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 6.20.4 | aanvaar/verwelkom/ingesluit/bekeer<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 6.21 | • Die gesin het niemand meer nodig gehad nie; hulle het mekaar.<br>• Die McDonalds en dorpsmense het vrede gemaak.<br>• Die nar (se paljas) het heelwording gebring.<br>• Die nar se paljas het reeds gewerk. *(Voorbeelde kan gegee word)*<br>**Voorbeelde**:<br>• Die verhouding tussen Hendrik en Katrien het herstel.<br>• Willem het weer begin praat.<br>• Hulle kommunikeer weer met mekaar.<br>• Gesin is weer gelukkig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | • Die magistraat wou hom sien.<br>• Mr Goldsbury wou die saak van die kind wat weggeraak het, opklaar.<br>• Die magistraat/die bosvrou wou vasstel of Benjamin die Boskind was wat weggeraak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.2.1 | • Fiela het hom gekry waar sy ma hom gelos het.<br>• Fiela het hom voor haar (agter)deur/daar waar Lange gesit het/by haar huis/voor/by die deur/kombuisdeur/voor haar huis gekry.<br>• Die Here het hom aan my toebetrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.2.2 | Fiela sê sy het hom nie weggesteek nie, want ...<br><u>Eerste besoek</u>:<br>• sy kon hom nie magistraat toe vat nie, want op daardie stadium was daar nie 'n magistraat in hulle area nie.<br>• Fiela het twee keer gegaan om die veldkornet te gaan sê, (maar hy was nie daar nie).<br>• Fiela kon nie na Petrus Zondag toe gaan nie, want hy was see toe.<br>• Benjamin was later so vas aan haar dat sy hom toe nie meer kon wegstuur nie.<br>• almal in die Kloof het van Benjamin geweet en hulle het nie oor hom geskinder nie.<br><u>Tweede besoek:</u><br>• sy hou hom nie uit die kerk omdat sy hom wegsteek nie; sy leer hom self van die Bybel.<br>• sy hou hom nie uit die skool omdat sy hom wegsteek nie; hy leer saam met sy broers en hy kry onderrig by Baby Stewart.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.2.3 | • Benjamin se broers het hom by die huis geleer wat hulle by die skool geleer het.<br>• Fiela het Benjamin van die Bybel geleer.<br>• Daar was iemand/Baby Stewart wat hom twee middae per week leer somme maak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.3 | • Vir 'n klein kindjie was ...<br>○ die pad na haar huis toe te bergagtig.<br>○ die Bos te dig.<br>○ daar geen behoorlike pad om te loop nie.<br>○ dit onmoontlik om so ver te loop.<br>• Die kind voor haar deur was te skoon en netjies.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.4.1 | dink | 1 |
| | | |
| 7.4.2 | • Fiela dink daaraan om Benjamin weg te steek.<br>• Sy probeer 'n plan bedink sodat Benjamin nie hoef weg te gaan nie.<br>• Fiela dink daaraan dat Benjamin in die fonteinkloof kon wegkruip.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.5 | • Fiela kon aan geen ander uitweg/plan dink nie.<br>• Benjamin sou maar net saam met die sensusmanne Knysna toe moes gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.6 | • Die sensusmanne het gesê hulle bring vir Benjamin terug en hulle het nie.<br>• Die sensusmanne het geweier om haar saam te neem Knysna toe.<br>• Die sensusmanne het met al hulle vrae gewys hulle luister nie eers nie/vertrou haar nie.<br>• Die lang sensusman het vir Barta voorgesê watter kind om te kies.<br>• Die sensusmanne was neerhalend teenoor Fiela omdat sy bruin was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Oorweeg ook ander relevante dade/woorde wat die vraag ondersteun)* | 1 |
| | | |
| 7.7.1 | • D<br>• Fiela kon nie saam Knysna toe gaan nie.<br>• D Fiela kon nie saam Knysna toe gaan nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.7.2 | • A<br>• Benjamin word die Van Rooyens se kind.<br>• A Benjamin word die Van Rooyens se kind.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.7.3 | • B<br>• Lukas kry sy eerste pakslae by Elias.<br>• B Lukas kry sy eerste pakslae by Elias.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.7.4 | • C<br>• Fiela neem afskeid van haar kind deur sy goed te gaan afgee.<br>• C Fiela neem afskeid van haar kind deur sy goed te gaan afgee.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.8 | • A<br>• John Benn<br>• A John Benn<br>*(Enige EEN)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | • <u>Onregverdig teenoor Benjamin om hom weg te vat by Fiela en vir die Van Rooyens te gee:</u><br>o Benjamin was nie die Van Rooyens se kind nie<br>o By die Komoeties/Fiela het hy liefde/goeie waardes/goeie versorging/ goeie opvoeding gekry.<br>o Benjamin het net die Komoeties/Fiela as familie/sy ma geken<br>o By Fiela kon hy net kind wees/was hy gelukkig.<br>o Hy was klaar gewoond aan die Komoeties/Fiela en het nie 'n ander ma as Fiela geken nie.<br>o Hy het 'n identiteitskrisis beleef/het nie geweet wie hy was by die Van Rooyens nie.<br>o Elias het Benjamin mishandel.<br>• <u>Onregverdig teenoor Fiela om vir Benjamin weg te vat en vir die Van Rooyens te gee:</u><br>○ Fiela het hom alles geleer wat hy ken/leer lees/skryf/Wiskunde/die Bybel<br>○ Fiela het hom liefdevol, dog streng opgevoed, maar by die Van Rooyens is hy mishandel.<br>○ Net omdat Fiela bruin was, kon sy nie die wit kind by haar hou nie.<br>• <u>Die hele proses waartydens Benjamin uit die Komoeties se sorg verwyder is, was onregverdig</u><br>○ Benjamin is weggevat omdat hy wit was.<br>○ Fiela is nie toegelaat om in die hof by te wees sodat sy haar kant kon stel nie.<br>○ Barta het hom gekies omdat Lange vir haar voorgesê het.<br>○ Die magistraat het nie na Fiela se verduidelikings geluister nie.<br>○ Die saak is nie behoorlik ondersoek nie<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat mag ook een feit noem en daarop uitbrei)* | 2 |
| | | |
| 7.10 | • Dit was nie die gebruik dat bruinmense wit kinders versorg nie.<br>• Die magistraat moes op Barta se antwoord reageer./Barta het Lukas onmiddellik tussen vier ander seuns uitgeken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.11 | • Nina sou haar maat kwyt wees.<br>• Nina sou 'n mooi liefde/verhouding misgeloop het.<br>• Nina sou nie 'n vertroueling gehad het met wie sy haar geheime kon deel nie<br>• Nina sou dalk nie in Knysna geëindig het nie/steeds vasgevang gewees het in swak omstandighede/mishandeling.<br>• Nina sou erger mishandel word deur Elias omdat Benjamin/Lukas altyd vir haar opgekom het/geskerm het.<br>• Nina sou eensaam wees omdat sy so anders as die ander kinders was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.12 | van Dawid se dood | 1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 7.13 | • Benjamin/Lukas moes vir die magistraat kon wys dat die Komoeties geld gehad het/vir Benjamin kon sorg./Benjamin moes kon wys dat die Komoeties nie kaalgatte was nie.<br>• Dit was vir "ingeval"/vir ingeval die magistraat vra of Benjamin geld het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.14 | Lukas | 1 |
| | | |
| 7.15.1 | Nina | 1 |
| | | |
| 7.15.2 | suster/sussie/ sissie<br>*(Nie sister - dit is Engels)* | 1 |
| | | |
| 7.15.3 | Wolwekraal/Lange Kloof | 1 |
| | | |
| 7.15.4 | (Knysna)Bos/Barnard se eiland | 1 |
| | | |
| 7.16 | • Aan die een kant wou sy hom omhels/vasgryp, ✓ maar aan die ander kant het sy gehuiwer/was sy bang omdat hy toe 'n groot wit man was.✓<br>• Aan die een kant wou sy hom omhels/vasgryp, ✓ maar aan die ander kant het sy gehuiwer omdat hy wit en sy bruin was/omdat hy intussen geleer het wat ras in Suid-Afrika beteken. ✓<br>• Aan die een kant wou sy hom omhels/vasgryp, ✓ maar aan die ander kant het sy gehuiwer omdat sy dalk bang was dat hy haar nie meer as sy ma sou aanvaar nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Konflik gaan oor drukkie en vertwyfeling aan die een kant en kleur of verhouding aan ander kant. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| 7.17.1 | geweet het wat in die harte van sy kinders aangaan<br>*(7.17.1 moet korrek wees vir 7.17.2 om punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 7.17.2 | Selling kon dadelik sien dat Lukas hartseer was/iets gehad het wat hom pla.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings wat bogenoemde bewys kan gegee word)* | 1 |
| | | |
| 7.18 | • B<br>• John Benn hom as roeier sou kon aanstel.<br>• B John Benn hom as roeier sou kon aanstel.<br>(*Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.19 | • Hy wou by haar hoor of sy glo 'n driejarige kind kon so ver stap.<br>• Hy wou by haar weet of sy weet wie hy was.<br>• Hy wou haar opinie oor sy liefde vir Nina hoor.<br>• Hy het gesê hy het geen reg op die grond gehad wat Fiela vir hom wou gee nie.<br>(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.20 | • Eers het sy gesweer/gesê dat hy wel Lukas was./Eers was sy bereid om voor die magistraat te gaan sweer dat hy wel Lukas was./Tydens sy tweede besoek het sy erken dat sy die verkeerde kind gekies het./Tydens die tweede besoek het sy erken dat sy voorgesê is wie om te kies.✓✓<br>• Barta het tydens die eerste besoek "ja" gesê en tydens die tweede besoek "nee".<br>• Barta het met die eerste besoek gesê hy was haar kind en met die tweede besoek dat hy nie haar kind was nie.<br>• In die eerste besoek het sy leuens vertel, maar in die tweede besoek het sy eindelik die waarheid vertel.<br>(*Enige EEN by die eerste besoek en enige EEN by die tweede besoek. Of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |
| | | |
| 7.21 | Barta het geleer dat ...<br>• leuens wel uitkom.<br>• leuens 'n mens opvreet./jy nie kan aanhou lieg nie.<br>• die waarheid altyd uitkom.<br>• leuens mense se lewens kan verwoes/'n mens seermaak.<br>• jy moet eerlik wees/nie moet lieg nie.<br>• jy nie moet toelaat dat mense jou voorsê/aan jou voorskryf wat om te doen nie.<br>• jy jou nie moet laat manipuleer nie/'n mens se besluite jou eie moet wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Leuens of waarheid; manipuleer/voorsê)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***SPIEËLBEELDE* – Saamgestel deur Linda Bredenkamp**

### 8.1 'VEGVLIEËNIER VIVIAN' – Francois Geringer

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | • By die Paasskou<br>• By die weermag/lugmaguitstalling (by die skou)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.2 | • Dit gaan moeilik wees.<br>• Dit gaan nie maklik wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.3 (a) | • Die ses weke fisieke oefeninge was baie moeilik/erger as wat sy verwag het.<br>• Sy het nie geweet hoe fiks sy moes wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.3 (b) | • Sy het nie besef sy sou bereid moes wees om mense dood te maak sonder om sleg te voel daaroor nie.<br>• Sy het nie besef sy sou besluite onder druk moes neem nie.<br>• Sy het nie besef die mans op die basis, wat nie gekeur sou word nie, so 'n sielkundige stryd teen haar sou voer nie.<br>• Sy het die mans se diskriminasie ervaar<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.3 (c) | • Sy het nie besef dat hulle teen haar sou diskrimineer omdat sy 'n vrou was nie.<br>• Sy het diskriminasie ervaar omdat sy as vrou dieselfde as die mans kon doen en beter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.4 | • Die teorie/skriftelike eksamen<br>• Die sielkundige toetse<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.5 | • C<br>• broers<br>• C broers<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 8.1.6 | • Vivian het alles gedoen om haar spanmaats/die kaptein se lewe(ns) te red.<br>• Vivian het akkuraat geskiet.<br>• Vivian het die regte besluite op die regte tyd geneem.<br>• Sy het nie paniekerig geraak nie.<br>• Vivian kon die oorlogsituasie vinnig opsom.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat mag een noem en daarop uitbrei)* | 2 |
| | | |
| 8.1.7 | Die manne het ...<br>• vir Vivian geïgnoreer/nie in die kring opgeneem nie.<br>• Vivian nie as kameraad erken nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (a) | • D<br>• John, Vivian se vriend, ondersteun haar nie.<br>• D John, Vivian se vriend, ondersteun haar nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (b) | • B<br>• Vivian wonder of al haar harde werk die moeite werd is.<br>• B Vivian wonder of al haar harde werk die moeite werd is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (c) | • A<br>• Vivian besef wat oorlogvoering vir haar inhou.<br>• A Vivian besef wat oorlogvoering vir haar inhou.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (d) | • E<br>• Vivian word uiteindelik op gelyke voet aanvaar.<br>• E Vivian word uiteindelik op gelyke voet aanvaar.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.9 | • A<br>• vrees<br>• A vrees<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.10 | • Vivian het die kaptein openlik daarvan beskuldig dat hy dink sy was 'n swakkeling omdat sy 'n vrou was.✓<br>• Die kaptein was ongeskik met Vivian en wou nie die saak bespreek nie. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 2 punte of 0)* | 2 |
| | | |
| | **EN** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**8.2: 'VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND' – Dana Snyman**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 | Tsepo (Mbeli) | 1 |
| | | |
| 8.2.2 | Die verteller se pa het ...<br>• vir Johannes die ogiesdraad verniet gegee.<br>• oorskietverf gegee.<br>• sy ou meubels gegee.<br>• goed weggegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.3 | sommer net grênd te lyk | 1 |
| | | |
| 8.2.4 | Die verteller/Die verteller se pa ...<br>• het in Ventersdorp gebly en Johannes bly in die township.<br>• bly in 'n (gevestigde)huis en Johannes bly in 'n sinkkaia/aangelapte huis.<br>• kan nuwe dinge bekostig/koop en Johannes kry goed/tel goed op wat ander weggooi/sien die waarde van dinge wat ander weggooi/uitgooi.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde).*<br>*(Daar was 'n verskil t.o.v. blyplek, tipe blyplek en inhoud van die blyplek)*<br>*(Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)* | 2 |
| | | |
| 8.2.5 (a) | wynrooi bank | 1 |
| | | |
| 8.2.5 (b) | • Hy het goeie/lekker/aangename herinneringe aan sy kinderdae.<br>• Hy onthou detail/die verlede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Wat sê dit van die verteller en wat sê dit van die herinneringe)* | 1 |
| | | |
| 8.2.6 (a) | sertifikaat | 1 |
| | | |
| 8.2.6 (b) | Kerk(genootskap/seremonie) | 1 |
| | | |
| 8.2.6 (c) | Mamelodi Sundowns/Mamelodi/Sundowns | 1 |
| | | |
| 8.2.6 (d) | Makosi | 1 |
| | | |
| 8.2.7 (a) | help waar hy kan<br>*(8.2.7 (a) moet korrek wees vir 8.2.7 (b) om punt te verdien)* | 1 |
| | | |
| 8.2.7 (b) | Die verteller help om die draad na Johannes se huis te neem./"vir hom 'n rol ogiesdraad hier kom aflaai"<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.8 | trots | 1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 8.2.9 | Die verteller behoort dankbaar te wees dat hy daardie dag by Johannes se huis was omdat ...<br>• hy kon sien hoe Johannes leef.<br>• Johannes beter kon leer ken.<br>• hy kon leer/sien dat aardse dinge 'n mens nie gelukkig maak nie.<br>• hy gesien het wat hy gehad het in vergelyking met Johannes/ander mense.<br>• dit hom die geleentheid gebied het om ander te help.<br>• dit hom geleer het dat jy iemand eers leer waardeer as jy iets van sy lewe weet.<br>• dit goeie herinneringe vir die verteller teruggebring het.<br>• hy kon sien dat Johannes iets moois kon maak uit ander mense se weggooigoed.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Oorweeg enige relevante antwoord.)*<br>*(Kandidaat mag ook een feit noem en daarop uitbrei)* | 2 |
| | | |
| 8.2.10 | • Die detail maak die verhaal realisties/skep vir die leser ‘n goeie prent/beeld van Johannes se plek/lewe.<br>• Die detail wys hoedat Johannes iets maak van dit wat ander mense weggooi.<br>• Die detail wys die groot gaping tussen ryk en arm mense in Suid-Afrika.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11 | • In die titel verwys hy na die afvalmateriaal/veertig sinkplate wat vir hom waarde het/verduidelik hoe hy sy huis gebou het./In die titel praat hulle van sinkplate en in die verhaal bou hy fisies sy huis met sinkplate. (Letterlik)<br>• In die titel verwys hy na die huis se veertig sinkplate wat hom teen die aanslae van die lewe beskerm. (Figuurlik)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### VRAAG 9.1: 'EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE' – H.A. Fagan

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | • Dit wys presies waar die spreker se huisie geleë is./Gee die ruimte.<br>• Dit wys die grootte van die spreker se huis.<br>• Iemand/die spreker het **'**n huisie by die see.<br>• Die gebeure in die gedig speel af by **'**n huisie by die see.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)(Mag nie bloot titel herhaal nie)* | 1 |
| | | |
| 9.1.2 | • ek-spreker<br>• eerstepersoonspreker<br>• eerstepersoon<br>• ek<br>*(Aanvaar nie verteller nie)* | 1 |
| | | |
| 9.1.3 | • Die herhaling beklemtoon/wys/dui aan dat die golwe/branders aanhoudend/aaneen/die hele tyd/sonder om op te hou teen die rotse slaan<br>• Die herhaling beklemtoon die ritmiese slaan van die golwe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.4 | • golwe/branders/see/oseaan/water ✓<br>• wind/storm ✓<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 9.1.5 (a) | • C<br>• personifikasie<br>• C personifikasie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.5 (b) | • A<br>• alliterasie<br>• A alliterasie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.5 (c) | • D<br>• klanknabootsing<br>• D klanknabootsing<br>(*Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.6 | Die aandagstreep **beklemtoon/wys/dui aan/hef uit/vestig aandag** op die beskrywing/uitbreiding/verduideliking wat daarna volg/van die (**wind se geluid)**.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.7 | • verlore/dwalende siele/geeste/spoke<br>• "soos van verlore siele in hulle nood"<br>*(Kandidate kan nie hele aanhaling gee nie)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 9.1.8 | **a**l; w**a**t; **graf;**<br>dw**a**lend; kl**a**gend;<br>dwal**e**nd; klag**e**nd; **i**n<br>*(Die kort a- klank en die lang a-klank en e- wat as i uitgespreek word. Twee/drie woorde se klanke aangedui)* | 1 |
| | | |
| 9.1.9 | • gehoor/hoor<br>• die sintuig van hoor<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.10 | Die woorde impliseer dat die wind ...<br>• vreeslik/baie hard/wild/woes waai (oorweeg sinonieme)<br>• baie sterk is.<br>• Die winde wil in die huis inkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.11 | • (Letterlik) Sy huis staan dan op die rots.<br>• (Figuurlik) Sy geloof in God is sterk en hy weet God sal hom beskerm of veilig hou.<br>• Die spreker daag/nooi die weer en wind uit om sy huisie te toets./Die herhaling van "kom" wys dat hy nie bang is nie. (Aanvaar ook aanhaling: "Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan – dit is 'n rots waarop my huisie staan")<br>• Die spreker sê: "hier binne is dit veilig".<br>• Die spreker is kalm, alhoewel die storm buite woed.<br>• Hy is nie bang nie, want sy kersie gee lig en die vuurtjie hou hom warm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde: fokus op letterlik, figuurlik of uitnodiging)* | 1 |
| | | |
| 9.1.12 | Die vuurtjie en die kersie ...<br>• verskaf lig/warmte/knusheid in die huis.<br>• gee 'n gevoel van veiligheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.13 | Die verkleinwoorde beklemtoon/wys/dui aan ...<br>• hoe erg die storm buite is.<br>• hoeveel vertroue die spreker in die rots het waarop hierdie huisie staan.<br>• die kontras tussen die klein huisie en die magtige storm.<br>• die spreker en die huisie se weerloosheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.14 | • As jou lewe op **geloof** gebou is, (is jy veilig). ✓✓<br>• As jou lewe 'n **vaste fondament** het, (is jy veilig). ✓✓<br>• As jy **vaste beginsels/sterk waardes** in jou lewe het, (sal dit met jou goed gaan). ✓✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| | **EN** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 9.2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**'DIE BOODSKAPPER' – Peter Snyders**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • Die spreker is lief vir die geliefde/'n boodskap van liefde<br>• ‘n soentjie<br>*(Enige EEN of soortgelyk. Nie verlang of dink, slegs liefdesboodskap)* | 1 |
| | | |
| 9.2.2 | In die aand/nag/vanaand/saans/snags/in die nag | 1 |
| | | |
| 9.2.3 | • B<br>• vergelyking<br>• B vergelyking<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.4 | • Dit beklemtoon/wys/dui aan die "my" en die "jou"/die twee mense in die verhouding word uitgehef.<br>• Beklemtoon die stuur van die boodskap ("van" en "na").<br>• Dit beklemtoon die twee reëls se inhoud/die "my" en die "jou" in die gedig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Gaan nie oor beweging nie, maar oor twee mense en kommunikasie)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5.(a) | aandster/helderste ster/hemel/lug/ster/sterre/Planeet Venus/ boodskapper/Venus | 1 |
| | | |
| 9.2.5.(b) | retoriese | 1 |
| | | |
| 9.2.5.(c) | geknipoog/"geknipoeg"/knipoog/knipoeg *(nie wink nie)* | 1 |
| | | |
| 9.2.6 | • Hy kan sommer maklik aan haar dink.<br>• As hy aan haar dink, is sy by hom.<br>• In die spreker se gedagtes, is sy naby hom/nie ver van hom af nie.<br>• Hy kan baie vinnig/gou kontak met haar maak/haar bereik.<br>• Sy is so naby soos ŉ gedagte<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Gaan oor spoed en afstand)* | 1 |
| | | |
| 9.2.7 | "aandklas"/aandklas/klas<br>*(Kern is die klas)* | 1 |
| | | |
| 9.2.8 | Venus is die godin/god van liefde/Planeet van liefde/Venus word geassosieer met liefde/is simbool van liefde/dis die helderste ster (en dus maklik sigbaar).<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.9 | 'n verduideliking | 1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 9.2.10 | • die boodskap<br>• briefie/brief<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.11 | Daar sal 'n soen/soentjie op (die omslag/koevert/brief) wees.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.12 | Die spreker ...<br>• praat oor die planeet Venus wat ook die naam van die godin van liefde is.<br>• het 'n soentjie op die koevert gesit.<br>• kyk na die sterre en dit is romanties.<br>• stuur boodskap van liefde/'n liefdesbriefie vir haar.<br>• hy praat speels van knipoog.<br>• die spreker skryf nog ‘n briefie vir sy geliefde i.p.v. om ‘n elektroniese toestel te gebruik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.13 | (by) "Venus"/Venus<br>*(Dui boodskapper duidelik aan)* | 1 |
| | | |
| 9.2.14 | • Dit/as die ster vonkel **lyk soos iemand wat knipoog**.<br>• Dit/die ster wat vonkel, met ander woorde helder en flou raak, **wys op knipoog -** jou oë gaan oop en toe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Vonkel en knipoog koppel – realistiese interpretasie)* | 1 |
| | | |
| 9.2.15 | • Kaapse Afrikaans/Kaaps<br>• Die spreker in hierdie gedig gebruik Kaapse Afrikaans/Kaaps/ AfriKaaps.<br>• Pas by die digter/spreker se leefwêreld.<br>• Skryf soos wat die spreker praat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Belangrik om te onthou dat Kaapse Afrikaans nie ‘n minderwaardige taal is nie, maar in hierdie vraag verwysend na spelling anders as in Afrikaansklas)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou